# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare* ***koninkryk*** *ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 8** **- *Vir die Koninkryk* -** **20 Oktober 2009 AD**


## WANT IN SES DAE HET DIE HERE DIE HEMEL EN DIE AARDE GEMAAK

### Inhoudsopgawe


- *Die begrip 'dag' in Genesis 1: verskillende verklarings*, prof. JL Helberg ... 1
- *Augustinus oor die skeppingsdae: geen teistiese evolusionis*, dr. Benno Zuidham ... 5
- *Calvyn oor die skeppingsdae*, dr. Jonathan Sarfati ... 7
- *Dae, tydperke of buitengewone dae*? - Totius, *Kuyper en Bavinck oor die skeppingsdae,* Totius ... 10
- *In die bestek van ses dae: 10 redes om te glo aan werklike dae,*, dr. Kenneth L. Gentry ... 13
- *Skepping en erfsonde: 'n paar opmerkings in antwoord op dr. Nico Vorster se artikel,* Die teologies-polemiese gerigtheid van Genesis 1-3: implikasies vir die gereformeerde leer oor die erfsonde, deur ds. S Le Cornu ... 18
- 'n Paar bronne om te raadpleeg aangaande die skepping vs evolusie debat ... 30


**Inleiding**

In hierdie uitgawe is 'n paar artikels oor die skepping vs evolusie debat, en dan spesifiek die vraag oor die aard en lengte van die skeppingsdae in Genesis 1. Daar is ongelukkig Christene wat dink dat die debat oor die lengte en aard van die dae nie so belangrik is nie, en dat dit genoeg is as Genesis se eerste hoofstukke ten minste as geskiedenis beskou word, en nie as mite of sage nie.

Maar, soos hieronder uit sal blyk, die saak is nie so eenvoudig nie. Onderliggend aan die debat tussen skepping vs evolusie (ateistiese én teistiese evolusie), is Skrifbeskouing, hoe ons omgaan met die Skrif. Dit wil voorkom asof die meeste argumente teen 'n sesdae skepping (soos die kerk deur die eeue oor die algemeen nog altyd geglo het, ten minste tot in die middel van die 19de eeu), gegrond is nie soseer in eksegetiese of teologiese redes nie, maar in die huidige naturalistiese 'wetenskapsbeskouings' en teorieë (eintlik lewensbeskouings en filosofieë) van ons tyd.

In die artikels hieronder word verskillende sake aangespreek wat verband hou: in prof. Helberg se artikel word 'n paar verskillende verklarings van die 6 dae binne gereformeerde verband genoem en gekritiseer. Dit gee 'n goeie oorsig.

Dan volg daar drie artikels wat kort en kragtige opsommings gee van Augustinus, Calvyn, Kuyper, Bavinck en Totius se verklarings van die skeppingsdae. Hieruit sal dit duidelik blyk dat alhoewel gerespekteerde teoloë soos Augustinus, Bavinck en Kuyper verskillende verklarings gehad het aangaande die 6 dae, as bv Calvyn wat dit bloot as 6 dae gesien het, hul definitief nie ten gunste was, of enigsins hul in die kamp van die (teïstiese) evolusionistiese dae-tydperke teorieë bevind nie.

Dr. Gentry se artikel gee 10 argumente waarom ons die 6dae moet aanvaar soos geleer word in Ex.20:11. In my eie artikel (eintlik meer 'n samestelling van verskillende opmerkings oor die saak), skryf ek 'n informele repliek op dr. Nico Vorster se onlangse artikel in die 'In die Skriflig', waarin Vorster Genesis as sage beskou, en nie as geskiedenis in die tradisionele verstaan van die saak nie.

Mag hierdie uitgawe ook help in die verdere besinning van hierdie belangrike saak.
*Die redakteur*

## DIE BEGRIP 'DAG' in Genesis 1 – VERSKILLENDE VERKLARINGS

***deur prof. JL Heiberg[1]***

Daar bestaan onder skrifverklaarders groot meningsverskil oor wat presies met die woord "dag" in Gen. 1 bedoel word. Hierdie verskille dateer nie slegs uit die tyd sedert natuurwetenskaplike ontdekking vrae oor die ontstaan van die aarde en die mens na vore gebring het nie, maar reeds uit die vroeë eeue van ons jaartelling. By die bestudering van die standpunt wat in hierdie handleiding gegee word, moet dus in gedagte gehou word dat daar geen eenstemmigheid oor die saak is nie.

### 1.1 Histories, letterlik — 'n gewone dag

1.1 Gen. 1 het 'n historiese opset: daar is 'n omlyning, 'n opeenvolging en selfs 'n numering van dae.
1.2 Daar word historiese werkwoorde gebruik, dit wil sê die wat vir die verhaaltrant gebruik word, soortgelyk aan ons: "en toe ..." (Hebreeus: waw consecutief).
1.3 Die opset is ook wel baie skematies telkens word van die opeenvolgende skeppingsdae op dieselfde wyse, in vaste refreine gepraat: "en God het gesê"; "en dit was so"; "toe sien God dat dit goed was".

(1) Sommige verklaarders sien daarin 'n aanduiding dat ons met 'n kunsmatige samestelling te doen het wat glad nie bedoel om 'n historiese aanbieding te wees nie, maar slegs wil aandui dat daar 'n vaste orde, doel, ens, in Gods werk was.
(2) Die skematiese weergawe maak egter nie die historiese aanbieding tot niet nie, maar dit moet ons wel versigtig stem in ons verklaring en deeglik rekening hou met die besonderse aard van dié beskrywing.

### 2 Uit 'n openbaringshistoriese oogpunt gesien

2.1 Hoewel die beskrywing letterlik is, word dit vanuit 'n bepaalde oogpunt gedoen waarmee deeglik rekening gehou moet word, naamlik:
2.2 Die doel van die beskrywing is om die sentrale tema of lyn te belig: die Koninkryk of koninkryksheerskappy van God, dit wil sê Gods heerskappy in (en deur en in verband met) persoonlike gemeenskap met die mens.
2.3 Ons moet ons verklaringsmetode nie bloot van ander wetenskappe soos Geskiedenis, of van ons eie logika kry nie, maar dit aflei uit hoe die Bybel self in sy beskrywings te werk gaan.

(1) Die openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament gee nie gewone geskiedskrywing nie. Dit is wel histories en volg in 'n groot mate die maatstawwe van geskiedbeskrywing, maar nie ten volle nie. Dit werk volgens eie maatstawwe.
(2) Die Ou Testament is ook nie 'n handboek vir natuurwetenskap nie en het nie 'n natuurwetenskaplike doel nie.
(i) As ons met hierdie stelling erns maak, beteken dit dat die dinqe uit natuurwetenskaplike oogpunt soms anders gestel of geformuleer sou kon word as wat die Ou Testament dit doen.
(ii) Ons het in die gewone lewe voorbeelde daarvan. So praat ons van warmte en hitte asof dit dieselfde ding is terwyl die natuurwetenskap onderskeid maak. Dieselfde geld van gewig en massa. Ons praat van die son wat opkom terwyl die natuurwetenskap dit duidelik stel dat dit eintlik die aarde is wat opkom. Ons praat selfs van verkalking van bene of werwels terwyl dit in werklikheid ontkalking is.

### 3 Moontlike tydsoorbruggings

3.1 Uit historiese of natuurwetenskaplike oogpunt gesien, mag Gen. 1 tydsgapings oorbrug, dit wil sê dae of tye tussen die genoemde dae verswyg.
3.2 Die Ou Testament doen so iets byvoorbeeld in Gen. 11.
(1) As die geslagsregister van Gen. 11 met die van Luk. 3:34-36 en die Septuagint (ou Griekse vertaling van die Ou Testament) vergelyk word, blyk dit dat Gen. 11:13 Kainan tussen Arpagsad en Selag weg laat, sonder dat dit uit die geslagsregister self in die minste blyk dat sodanige gaping oorbrug is. Inteendeel, uit die formulering self sou mens verwag dat dit onmoontlik die geval kan wees. Die geslagte

---

[1] Geneem uit JL Heiberg se *Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament*, vol.1 (Potchefstroom: Pro Rege Pers, 1976, p.72-83). Prof. Helberg is emeritus-professor in Ou Testament (TSP) van die GKSA.

word in ‘n geslote opvolgingslyn gegee: “Toe Arpagsad vyf—en—dertig jaar oud was, het hy die vader van Selag geword” (11:12).
(2) Dit word dus as net so ‘n geslote opvolgingslyn weergegee as die van die dae in Gen. 1: “en dit was aand en dit was more die soveelste dag”,
(3) Gen. 1 en 11 behoort albei tot dieselfde materiaalreeks wat die voorgeskiedenis of oergeskiedenis genoem word (Gen. 1—11) . Albei het ook ‘n skematiese karakter. Dit is dus heel moontlik dat in Gen. 1 iets soortgelyks kan gebeur as in Gen. 11.
(4) Die feit dat daar duidelike aanduidings is dat een geslag oorgeslaan is, moet ons met die moontlikheid rekening laat hou dat daar meer oorgeslaan kon wees. Dit bewys in elk geval twee sake: eerstens het ons met historiese werklikhede, werklike geslagte te doen (daarom word hulle in Jesus se geslagsregister opgeneem) tweedens, die doel is egter nie om notarieël volledige beskrywing te gee nie. Die doel is nie om geslagsregisters as sodanig te gee, soos by ons geslagsregisters waarin ons in die geslagte self en hulle doen en late geïnteresseerd is nie, maar om aan te toon hoedat Gods wérk voortgegaan het — deur die geslagte heen.

3.3 Ook uit ander gedeeltes van die Ou Testament is dit duidelik dat mens baie versigtig moet wees oor hoe jy die geslagsregister of getalle-opgawes van die Ou Testament gebruik. Veral as dié van die boeke Konings met die van Kronieke en Esra—Nehemia vergelyk word, blyk dit dat die besondere boek waaruit ‘n skrywer skryf, of sy besondere doel, heeltemal ander weergawes en getalle kan gee as wat in ‘n blote notariële beskrywing die geval sou wees.
3.4 Die skeppingswerk van God is ‘n groot wonder. Dit kan nie in menslike taal en vir menslike begrip ten volle begrypilik gemaak of geformuleer word nie.
(1) So word die skepping van die mens in Gen. 1 en 2 vanuit heeltemal verskillende hoeke beskryf. Elkeen wil ‘n besondere aspek of situasie belig.
(2) Ons moet die misterie van Gods skeppingswerk en die beskrywing daarvan erken. Ons weet nie uit die beskrywing hoe alles presies natuurwetenskaplik of histories in mekaar pas nie.
(3) Die eksegeet moet die natuurwetenskaplike sy werkhipotese gun, maar homself by die teks hou met die oog op sy besondere doel.
3.5 Die stelling oor die oorhrugqing van dae of tye word hier ook slegs as één moontlikheid gegee. Daar mag ook ander wees. Ons moet vir ons vak egter nie daarby vashaak of daarin verseild raak nie. Dis mos juis nie die doel van ons vak nie. Dit is wel nodig am die bevrediging te hê dat daar natuurwetenskaplik wel ander geregverdigde afleidings gemaak kan word as die wat voor die hand liggend is. Dan laat ons dit verder daarby en gaan voort met die uitbou van ons eie vak en doel.

**4 Die skeppingsdae en die vierde gebod**
4.1 Enige verklaring van Gen. 1 moet rekening hou met die vierde gebod: “Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen — want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak ...” (Ex. 20:8 vlg.)
4.2 Die ses dae waarvan Gen. 1 praat, is , volgens ons bogenoemde verklaring, daardie ses dae waarvan Gods optrede besonderlik verband hou met die uiteindelike doel, naamlik persoonlike gemeenskap tussen God en mens.
4.3 Dit is dus moontlik dat Gods skeppingswerk nie slegs ses dae geduur het nie, maar wel op ses dae die kardinale konsentrasiepunte of ingrypingspunte gehad het waarvan Gen. 1 vermeld.

**5 Nie evolusionisme nie, maar skepping**
5.1 Die feit dat hier ‘n ander moontlikheid gestel word as 1 skeppingsduur van slegs ses dae, impliseer nie dat daar ‘n weg gesoek word om die deur vir evolusionisme te open nie.
(1) Dit word slegs gedoen om die stelling ernstig te neem dat die Bybel geen natuurwetenskaplike handboek wil wees nie en Gen. 1 geen natuurwetenskaplike beskrywing wil gee nie.
(2) Reeds lank voordat daar van evolusionisme sprake was, het kerkvaders soos Athanasius en Augustinus (4e eeu n.C.) Gen. 1 anders as op die gewoon letterlike wyse verklaar.
5.2 Die volgende moet egter in gedagte gehou word. Volgens Gen. 1 is die mens nie ‘n blote ontwikkeling van ‘n dier nie.
(1) Hy staan van meet af aan bo die diere, beoefen nie gemeenskap met hulle nie, maar wel met God na wie se beeld hy geskape is.

(2) Hy is nie maar soos die diere soortig, groepsgewys geskape nie, maar heel persoonlik, individueel.
(3) Hoewel hy goed geskape is, is hy tog sondig en skuldig voor God - iets wat kwalik anders verklaar kan word as dat een mens (paar) gesondig het en daarmee al hulle nakomelinge daarby inbetrek het (vgl. die bespreking oor die sondeval)

**6 Verskillende verklarings van die skeppingsdae**
*6.1 Die dae gesien as inkleding:*
(1) Reeds ou kerkvaders soos Athanasius en Auqustinus wat in die 4e eeu n.C. geleef het, het Gen. 1 so verstaan dat die dae slegs 'n logiese orde aandui en geen kronologiese nie. Hulle het gemeen dat die aarde in een moment geskape is.
(2) Die kaderhipotese (onder andere deur A. Noordtzy en N.H. Ridderbos voorgestaan) leer ook dat die ses dae slegs logiese orde aandui. Dit is 'n kader of skema waarin die skrywer sy qedagtes op 'n kunsmatiqe wyse rangskik om die idee tuis te bring dat daar bepaalde orde in Gods skeppingswerk is. Die voorstanders van hierdie hipotese wys onder andere op die skematiese karakter van Gen. 1 met sy telkens terugkerende refreine.
(3) Besware:
(i) Gen. 1 is egter baie sterk histories aangebied, gebruik werkwoorde wat aan die verhaaltrant eie is en lê sterk nadruk op historiese voortgang (tweede dag, derde dag, ens.).
(ii) By 'n omskrywing soos: "en dit was aand en dit was more", (dit wil sê dit het aand geword en toe more geword) neem die skrywer sy staanplek binne 'n kronologiese gang van gebeurtenisse. Dis nie die taal van 'n skema wat van buite, van 'n afstand af, die logiese plek wil aandui nie. Daarvoor sal mens eerder so 'n uitdrukking verwag soos: "op" die soveelste dag.
(iii) Die verklaring bly in gebreke om die probleem in verband met die bewoording van die sabbatsgebod bevredigend op te los. Daar word beweer dat Gods werk in die raamwerk van ses plus een dae voorgestel is op grond van die bestaande menslike gewoonte onder Israel om ses dae te werk en een dag te rus. Sodoende word God egter enersyds navolger van die mens gemaak, en andersyds verloor die sabbatsmotivering sy grond totaal omdat dit dan bloot op 'n skematiese voorstelling omtrent God berus wat geen werklikheid impliseer nie.

*6.2 Die dae gesien as tydperke:*
Sommiges beweer dat met die dae tydperke bedoel word.
Die volgende is egter besware daarteen:
(1) Waarom word nie eenvoudig gesê dat dit tydperke is nie?
(2) Die dae is presies omlyn deur aand—môre. So iets word nêrens in verband met tydperke aangetref nie. Die feit dat die aand ook voor die more genoem word, sluit die moontlikheid uit om dit as begin en einde van 'n tydperk te sien. Daarteenoor klop dit goed met 'n gewone kronologiese letterlike verklaring as dit verstaan word as: dit het aan geword en toe more geword. 'n Dag se begin word dan heel prakties gereken vandat dit in die oggend begin lig word.
(3) Die verklaring druis in teen die bewoording van die vierde gebod wat sê dat die mens ses dae moet werk omdat God in ses dae die hemel en aarde ens. geskape het.

*6.3 Die dae gesien as dae met onbepaalde tydsduur:*
(1) Dit word deur G.Ch. Aalders en andere voorgestaan. Hier word dae gesien as: "dae van God" wat korter of langer as ons s'n kon gewees het.
(i) Daar word gewys op die feit dat minstens die eerste drie dae nog nie aan die son en maan gebind was nie en dus nie in terme van die gewone tydsrekening gemeet kan word nie.
(ii) Verder word daarop gewys dat die woord "dag" in die res van die Ou Testament, asook in Gen. 1 self, verskillende betekenisse het (byvoorbeeld daglig, dag afgemerk deur aand en more, dag as teenstelling met nag, dag van 24 uur, "dae en jare', die hele periode van Gods skeppingswerk, sSien 1:5; 1:5; 1:14; 1:14; 2:4).

(2) Besware:
(i) Ondanks die verskillende betekenisse van "dag" in die genoemde verse, het dit geen vloeibare betekenis nie, en is dit telkens tog duidelik wat die onderskeie betekenis moet wees.
(ii) Die ses dae word duidelik afgemerk deur aand—more, anders as op enige ander plek.

**6.4 'n Altyddurende sewende dag**

(1) Uit die feit dat daar by die sewende dag, anders as by die ses dae, nie staan dat dit aand en more was nie, lei sommiges (byvoorbeeld J.H. Kroeze) af dat die sewende dag nie 'n einde gehad het nie, maar nou nog voortduur. Dit is dan die tyd van Gods onderhouding van die skeppingswerk.
(2) Hierteen geld egter dat daar duidelik gesê word dat God "op die sewende dag" gerus het. Teen die tyd kan die skrywer van Gen. 1 aanneem dat dit vir die leser uit die voorafgaande duidelik sal wees wat 'n dag is.

**6.5 'n Profeties-historiese verklaring**

(1) S. du Toit sluit aan by die verklaring van dae as dae van bepaalde tydsduur. Hy wys die betekenis van gewone dag beslis af. Hy sien dit verder so dat. Gen. 1 nie slegs tydsorde gee nie, maar logiese en tydsorde vermeng. Die skrywer van Gen. 1 gee volgens hom 'n profeties—historiese siening, soos in 'n skildery. Hy sien dinge wat in die verre verlede lê en waarvan die afstande en perspektiewe — as mens dit uit die verte beskou ineenvloei. Eers as dit nader aan die tyd kom, begin die beskrywings al besonderhede gee, dit wil sê meer word.
(2) Hierdie verklaring is aantreklik, probeer 'n verklaringsmetode uit die Bybel self kry en bied moontlike oplossings vir verskillende probleme, veral sulkes waarvoor sommige natuurwetenskaplike feite of stellinge mens by die verklaring van Gen. 1 stel.
(3) Tog geld die volgende besware daarteen:
(i) Gen. 1 vlg. is nie profesie nie en die beskrywing is ook nie van profetiese aard nie. Die taal is die van historiese stof, in elk geval nie poëties nie. Ook die aanbiedinq, vgl. bo, is histories — anders as die profetiese stof waarin die profetiese visie voorkom.
(ii) As dit profeties genoem kan word, is dit nie in 'n ander sin as byvoorbeeld die vroeë profete nie (die historiese boeke Josua, Rigters, Samuel en Konings) , wat ewe—eens nie logiese en tydsorde op die wyse vermeng nie.

---

## PAS MET VERLICHTING WERD HET DONKER

*deur dr. Benno Zuiddam*[2]

*POTCHEFSTROOM – Oppervlakkig beschouwd is het juist dat de kerkvader Augustinus de dagen in Genesis 1 „minder letterlijk" nam, zegt prof. dr. Benno A. Zuiddam. „Let wel: oppervlakkig beschouwd. Theïstisch evolutionisten die zich op Augustinus beroepen, doen hem beslist geen recht."*

*Is het geloof in een schepping van zes dagen van 24 uur orthodox? luidde de vraag die CV.Koers begin dit jaar opwierp. Met een beroep op Augustinus en Calvijn stelde het blad vast dat „deze moderne lezing van Genesis afwijkt van de meer symbolische en allegorische duiding die tot aan de Reformatie gangbaar was." EO-presentator Andries Knevel liet zich zaterdag in deze krant op een vergelijkbare manier uit.*

*Prof. Zuiddam, verbonden aan de faculteit theologie van North West University in het Zuid-Afrikaanse Potchefstroom, wil de suggestie die van zulke uitspraken uitgaat –„Augustinus en Calvijn vonden het ook al!"– met kracht bestrijden. „De algemene christelijke kerk heeft de klassieke scheppingsleer steeds aanvaard, van Pinksteren tot aan de verlichting. Toen werd het donker."*

Augustinus was „niet vaag over de ouderdom van de aarde, de historiciteit van Adam en Eva, de wereldwijde zondvloed", zegt de hoogleraar. „Wel was hij ingewikkeld in zijn scheppingsleer. Zo had God naar zijn mening alle materie in één ogenblik, tegelijkertijd, geschapen."

---

[2] Met die skrywer se toestemming geplaas. Die artikel het oorspronklik hier verskyn: http://www.refdag.nl/artikel/1404296/Pas+met+de+verlichting+werd+het+donker.html Dr. Zuiddam is verbonde aan die NWU se Teologiese Fakulteit, Departement Bybelkunde en Antieke Tale.

Mede als gevolg van deze „sterk filosofisch gekleurde" theorie vatte de kerkvader het woord "dag" in Genesis figuurlijk op, aldus prof. Zuiddam, die zich specialiseerde op het gebied van het Schriftgezag in de Vroege Kerk. „Maar zijn dag duurde geen miljoenen jaren."

Er is nóg een reden waarom Augustinus zelfs kon spreken over „dat geheimzinnige aantal dagen." Hij beheerste het Hebreeuws niet, en het Grieks maakte hij zich pas op latere leeftijd enigszins eigen. Hij werd dan ook 'misleid' door een Latijnse vertaling van Genesis 2:4. „Ook gebruikte hij een Latijnse vertaling toen hij Jezus Sirach 18:1 aanhaalde: „Hij Die leeft in eeuwigheid heeft "omnia simul" gemaakt." Uit "omnia simul", dat gelezen kan worden als "alles tegelijkertijd", leidde hij, ook Schrift met Schrift vergelijkend, af dat de schepping korter dan zes dagen moest hebben geduurd. Maar het Grieks zegt hier dat God alle dingen samen ("panta koinee"), oftewel de hele wereld, heeft gemaakt."

Een van de hoofdstukken in "De Civitate Dei" draagt het opschrift "Over de onjuistheid van geschiedschrijving die vele duizenden jaren toeschrijft aan de ouderdom van de wereld". Prof. Zuiddam: „De filosofen die geloofden dat de aarde al oneindig lang bestond, hadden het volgens Augustinus mis. Ook hier blijkt dat theïstisch evolutionisten die zich op hem beroepen, hem geen recht doen."

Naarmate de bisschop van Hippo ouder werd, ging hij steeds meer nadruk leggen op een letterlijke interpretatie van de Bijbel. „Zijn belangrijkste werk in dit kader is "De Genesi ad Litteram". Hij wilde laten zien dat er geen conflict hoeft te bestaan tussen een letterlijke lezing van Genesis en de wetenschap. Als we iets niet kunnen verklaren, heeft Gods Woord gelijk en zullen we later wel ontdekken hoe het zit."

Prof. Zuiddam volgt het debat in Nederland met interesse, zegt hij. „Maar ook met zorg. Het gemak waarmee opinieleiders van overtuiging wisselen, stemt tot nadenken. Ik wil hier de grote calvinistische filosoof van onze universiteit citeren, prof. H. G. Stoker (1899-1993): „In elk geval, as die evolusie-mite waar sou wees, dan kan ons maar ons Bybels toemaak, want dan is die sondeval 'n leerproses deur foute en geen sondevál nie, maar 'n trap vorentoe in die evolusieproses en dan is die kruisdood van Christus sinloos, doop en nagmaal gevolglik bygeloof en kerktoe-gaan dwaasheid.""

**Uitspraken**

„En dat God de wereld heeft gemaakt, kunnen wij op niemands gezag veiliger geloven dan op dat van God zelf. Waar hebben wij Hem gehoord? (…) in de Heilige Schrift, waar zijn profeet gezegd heeft: „In het begin schiep God de hemel en de aarde." Maar was die profeet er dan bij, toen God de hemel en de aarde schiep? Neen, maar de Wijsheid van God was er wel bij, door wie alles is geschapen" ("De Civitate Dei", XI, 4).

„De wereld is dus ongetwijfeld niet in de tijd, maar samen met de tijd geschapen" (XI, 6).

„Ze worden ook nog op een dwaalspoor gebracht door bepaalde leugenachtige geschriften die volgens hun beweren de geschiedenis van de tijden vele duizenden jaren laten duren, terwijl wij toch uit de Heilige Schrift kunnen berekenen dat er sinds de schepping van de mens nog niet helemaal zesduizend jaren zijn verlopen" (XII, 11).

„Het gezag van de Schrift in deze zaak is groter dan dat van enige slimme menselijke wetenschappelijke theorie" ("De Genesi ad Litteram", 20.40).

**CALVYN: GENESIS BEDOEL WAT DIT Sê**

deur dr. Jonathan Sarfati[3]

Sekere belydende evangeliese Christene kla skeppingsleerders daarvan aan dat hul ’n naïewe letterlike siening van Genesis het, en meen dat kreasionisme ’n 20ste eeuse afdwaling is.  Niks kan verder van die waarheid wees nie.  ’n Eenvoudige direkte lees van Genesis was die siening van Moses (Ex.20:8-11), die Apostel Paulus (Rom.5:12; 1 Kor.15:21,22,45; 1 Tim.2:13,14) en die apostel Petrus (2 Pet.3:3-7), en Jesus Christus self (Matt.19:3-6; Mark.10:6-9; Luk.17:26,27).

Dit was ook die siening van die groot meerderheid van Kerkvaders, insluitende die getroue verdediger van die Triniteit, Basil die Grote.  Kyk *Genesis means what it says: Basil (AD 329–379)*.[4]

En die groot leiers van die 16de eeuse Protestantse Reformasie, het in hul terugkeer na Bybelse gesag, ook die eenvoudig-direkte siening van Genesis aanvaar.  Dit sluit die vader van die Reformasie, Martin Luther in – kyk *What was Martin Luther’s stand on Creation/Evolution?*[5]

Een van die mees invloedryke reformatore was die Franse juris en teoloog Johannes Calvyn (1509–1564). Hy het ‘n leier geword in Geneva (Switserland), wat ‘n ontvlugtingsplek vir 6,000 protestante geword het.

Calvyn het die Universiteit van Geneva gestig in 1559, wat baie buitelandse geleerdes gelok het, tot vandag toe.  Sy monumentale werk, *Die Institusies van die Christelike Godsdiens* (1559) verkondig die genade van God en verlossing in Jesus Christus.  Hy was oook ‘n bekwame verklaarder op boeke van die Bybel, insluitende Genesis.  Sy leringe het baie konfessies, kategismusse, predikers en leiers van moderne Christelike herlewings beïnvloed, en is na Amerika gebring deur die Pelgrimvaders.[6]

Dit is insiggewend dat op elke punt waar CMI (*Creation Ministries International*) verskil met baie aspekte van die moderne Christendom, Calvyn aan ons kant is.  Calvyn het byvoorbeeld geglo:

- Die aard is ‘jonk’:

*‘Hulle sal nie ophou skaterlag as hul ingelig word dat daar maar bietjie meer as vyfduisend jaar verby gegaan het sedert die skepping van die heelal nie.’*[7]

- God het in ses opeenvolgende normale dae geskep:

*‘Hier word hulle fout sigbaar weerlê, hulle wat meen dat die wêreld in ‘n oomblik geskape is. Want dit doen die teks geweld aan om te beweer dat Moses die werk, wat God onmiddellik uitgevoer het, oor ses dae versprei het, bloot vir die doel om instruksie oor te dra.  Laat ons liewers konkludeer dat God self die bestek van ses dae gevat het, vir die doel om sy werke te akkommodeer vir die mens se begrip.’*[8]

---

[3] Met toestemming oorgeneem van *Creation Ministry International* (CMI): http://creation.com/calvin-said-genesis-means-what-it-says. Dr. Sarfati is ‘n “Creationist Physical Chemist and Spectroscopist van (Australia)”, in diens van CMI, sien: http://creation.com/dr-jonathan-d-sarfati.  Die artikel is vertaal deur S. Le Cornu.
[4] Batten, D., Genesis means what it says: Basil (AD 329–379), *Creation* **16**(4):23, 1994.
[5] Citing Martin Luther, in Jaroslav Pelikan, editor, ‘Luther’s Works,’ *Lectures on Genesis Chapters 1–5*, **1**:3,6, Concordia, St. Louis, MO, USA, 1958.
[6] Packer, J.I., John Calvin and Reformed Europe; in: *Great Leaders of the Christian Church*, Ed. Woodbridge, J.D., Moody Press, Chicago, IL, USA, pp. 206–215, 1988.
[7] Calvin, *Institutes of the Christian Religion* **2**:925, ed. John T. McNeill, Westminster Press, Philadelphia, PA, USA, 1960.
[8] Calvin, J., *Genesis,* 1554; Banner of Truth, Edinburgh, UK, 1984, p. 78.

Dit is interessant dat Calvyn die ses-dae-skepping moes verdedig teen mense wat dit korter wou gehad het – in net ‘n oomblik – heel anders as die mense van vandag wat dit baie langer wil hê – miljarde jare.

*‘Ek het hierbo gesê dat die ses dae gebruik is in die vorming van die wêreld; nie dat God, vir wie een oomblik ‘n duisend jaar is, hierdie opeenvolging van tyd nodig het nie, maar sodat hy ons kan betrek in die oordenking van sy werke.’*[9]

- Die dag-aand siklus was ingestel vanaf Dag 1 — voordat die son geskape is [kommentaar op ‘laat daar lig wees’ (Gen. 1:3)]:

*‘Daarom het die Here, deur die spesifieke orde van die skepping, getuienis gegee dat Hy die lig in sy hande vashou, wat Hy in staat is om aan ons te gee sonder die son en die maan. Verder, is dit seker, vanuit die konteks, dat die lig geskape was om met die duisternis af te wissel … daar is daarom geen twyfel dat hul orde van opeenvolging afwisselend was nie. …’*[10]

- Die son, maan en sterre is geskape op Dag 4 — na die aarde — en het die rol as ligverskaffer vir die aarde oorgeneem [kommentaar op ‘laat daar lig wees …’ (Gen. 1:14)]:

*‘God het vantevore die lig geskep, maar stel nou ’n nuwe orde in die natuur, dat die son die uitstraler van daaglikse lig sal wees, en die maan en die sterre in die nag sal skyn. En Hy stel hul aan in hierdie hoedanigheid, om ons te onderrig dat alle skepsele onderworpe is aan sy wil, en uitvoer wat Hy op hul neerlê. Want Moses vertel niks anders as dat God bepaal het dat deur sekere voorwerpe, die lig wat voorheen geskep is, uitgestraal word oor die aarde, deur wedersydse veranderinge. Die enigste verskil is dit, dat die lig wat voorheen verskaf is, nou voortkom uit hemelliggame, wat deur hierdie doel te dien, die bevele van God gehoorsaam.”’*[11]

[Sien ook *How could the days of Genesis 1 be literal before the sun was created?, hier: http://creation.com/how-could-the-days-of-genesis-1-be-literal-if-the-sun-wasnt-created-until-the-fourth-day* ]

- Die Skepping was oorspronklik ‘baie goed’, sonder enige boosheid [kommentaar op Gen. 1:31]:

*‘Op elkeen van die dae was eenvoudige goedkeuring gegee. Maar nou, nadat die afwerking van die wêreld klaar was in al sy dele, en as ek so mag praat, sy laaste opknapping ontvang het, het Hy verklaar dat dit volmaak goed is; sodat ons kan weet dat daar in die eweredigheid van God se werk die hoogste volmaakthed is, waarby niks gevoeg kan word nie.’*[12]

- Lyding op die aarde is die resultate van sonde [kommentaar op Gen. 3:19]:

*‘Daarom mag ons weet, dat watter ongesonde dinge ookal geproduseer word, dat dit nie natuurlike resultate van die aarde is nie, maar korrupsies wat sy oorsprong het in die sonde.’*

- Fisiese dood is die resultaat van sonde:

*‘En sommige verstaan wat voorheen gesê is. “Jy sal sekerlik doodgaan”, in ’n geestelike sin; menende dat, selfs al het Adam nie gesondig nie, sy liggaam nog steeds geskei moes gewees het van sy siel. Maar aangesien die uitspraak van Paulus duidelik is, “Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word” (1 Kor.15:22) is hierdie wond deur die sonde aangebring … waarlik die eerste mens sou na ’n beter lewe oorgegaan het, as hy regverdig gebly het;*

---

[9] Calvin, *Genesis*, p. 105.
[10] Ref. 5, pp. 76–77.
[11] Calvin, *Genesis*, p. 83.
[12] Calvin, *Genesis*, p. 100.

*maar daar sou geen skeiding van die siel en liggaam gewees het nie, geen korrupsies, geen vernietiging, en, in kort, geen gewelddadige verandering nie.'*[13]

- God het Adam en Eva direk geskape [kommentaar op Gen. 5]:

*'… [Moses] onderskei tussen ons eerste ouers en die res van die mensdom, want God het hulle deur 'n enkelduidige metode in die lewe gebring, waar die lateres voorgekom het uit voorgangers, en gebore is vanaf ouers.'*[14]

- Die vloed was wêreldwyd [slegs 'n klein deel van 'n uitgebreide bespreking van die regte, historiese aard van die Vloed en die Ark]:

'En die vloed was veertig dae*, …. Moses stel hierdie feit oorvloediglik, om sodoende te wys dat die hele wêreld in die waters gedompel was.'*[15]

Dit is dus duidelik dat as ons die gesag van die Skrif alleen aanvaar, ons Genesis moet glo en aanvaar volgens sy eenvoudige betekenis. Christene wat dit ontken, is besig om idees van buite op die Skrif af te dwing. Dit word erken deur die openhartige erkenning van die 'progressiewe kreasionis', Pattle Pun:

*'It is apparent that the most straightforward understanding of Genesis, without regard to the hermeneutical considerations suggested by science, is that God created the heavens and the earth in six solar days, that man was created on the sixth day, and that death and chaos entered the world after the fall of Adam and Eve, and that all fossils [sic — creasionist would say 'most'] were the result of the catastrophic deluge that spared only Noah's family and the animals therewith.'*[16]

Dit is hartseer dat een groeibodem vir anti-kreasionistiese, teïstiese, evolusionistiese/langtydperke idees selfs 'n kollege insluit wat na Calvyn vernoem is – *Calvin College* in Grand Rapids, Michigan, VSA. Sommige van hul fakulteit het selfs na Calvyn verwys asof hy in hul kamp was, ongeag, soos ons gesien het, Calvyn enige kompromieë teengestaan het.

Die kerk het vandag 'n nuwe Reformasie nodig om terug te keer na die gesag van die Bybel, die geskrewe Woord van God, in plaas van om te vertrou op die feilbare bewerings van ongelowige wetenskaplikes.

[13] Calvin, *Genesis*, p. 180.
[14] Calvin, *Genesis*, p. 227.
[15] Calvin, *Genesis*, p. 272.
[16] Pun, P.P.T., *Journal of the American Scientific Affiliation* **39:**14, 1987; emphasis added.

# DAE, TYDPERKE OF GEWONE DAE ?
## - Totius, Kuyper en Bavinck oor die lengte van die skeppingsdae -
*deur Totius*

Oorgeneem uit Totius se *Versamelde Werke*, deel 1: Die Bybel (Kaapstad: Nasionale Pers, 1977), p.189,190, 203-207.

**Die Skepping in ses dae**

Br. M. T. Loots van Boschfontein (Rustenburg) stel aan ons die volgende vraag: ,,Graag verneem ek van u wat verstaan moet word deur die ses skeppingsdae: moet ons daaronder ses werklike dae verstaan of ses tydvakke, soos deur sommiges beweer word ? Is die aarde 6 000 jaar oud of honderdduisend jaar, soos die geleerdes beweer?"

Die veronderstelling dat die ses dae van Gen. 1 opgevat moet word as ses tydperke van korter of langer duur, is wat genoem word die *konkordistiese* teorie. Dit is afkomstig van die ab Jerusalem en is voorgestaan deur geleerdes soos Cuvier, Hugh Miller, Lange, Delitzsch, Godet, Simar, Pesch e.a. Die oorsaak dat tot hierdie opvatting gekom is, is dat hulle gemeen het om daarin 'n ooreenstemming te vind tussen die skeppingsverhaal in Genesis en die tydperke van die aardkunde (geologie). Die aardkunde het naamlik beweer dat die aarde veel ouer moet wees as 6 000 jaar. Die bewering steun op die bestudering van die verskillende aardlae, wat volgens die uitsprake van die geleerdes nie in 6 000 nie maar in honderdduisende jare gevorm moes wees. Bowendien gee hulle voor dat hulle in hierdie aardlae oorblyfsels gevind het wat bewys dat daar lewende wesens op die aarde was lank voor die 6 000 jaar.

Hierdie teorie is egter niks anders as 'n ,,gelowige geknoei" nie.

Die dae van Gen. 1 is nie tydperke nie maar werklike dae, telkens bepaal deur aand en more en gevorm deur 'n afwisseling van lig en duisternis. Gen. 1 gee ons 'n verhaal van werklike feite, soos die hele boek van begin tot einde geskiedkundig is. Wie dan ook Gen. 1 nugter lees, kan nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat daar bepaalde dae mee bedoel is. Daar staan: ,,*En dit was aand en dit was more, die eerste dag*."

Hier moet ons nog byvoeg dat die ooreenstemming met die wetenskap deur die konkordistiese teorie tog nie verkry is nie. Daar bly nog altyd groot verskil bestaan oor die verskillende tydperke. En wat die aardkunde betref, wat aan die wéreld so 'n hoe ouderdom toeskryf, daaromtrent moet die volgende opgemerk word:

i) Dit is maar 'n jong wetenskap, en sy resultate staan glad nie vas nie;

2) die oudheidkunde is 'n baie nuttige en aanvullende studie maar kan tog nooit die geskiedenis vervang nie - en in Gen. 1 het ons met geskiedenis te doen;

3) die aardlae kom nêrens almal bymekaar en volledig voor nie, sodat hulle by die bepaling van orde en tyd ook maar moes gis;

4) slegs nog maar 'n klein gedeelte van die aardoppervlakte is ondersoek;

5) dit is 'n feit dat die tyd voor die vorming van die aardlae volstrek nie uit die aard en hoedanigheid van hierdie lae bepaal kan word nie.

Waar die aardkunde dus 'n jong en aan wisseling onderhewige wetenskap is, en Gods Woord daarenteen van geslag tot geslag bly, sal ons ons vir eers nie ongerus maak oor die ontdekkinge van die wetenskap nie. Die wetenskap kan telkens verander en die een teorie die ander vervang; maar Gods Woord moet altyd dieselfde bly, anders word hy van sy absolute waarheidskarakter ontdoen. Dit weet ons egter deur die geloof dat alle ware wetenskap die Woord van God sal moet bevestig, soos dan ook telkens weer openbaar word deur die opgrawinge in die Ooste.

In verband hiermee moet egter opgemerk word dat die verhaal in Genesis blykbaar onderskeid maak tussen die skepping van hemel en aarde ,,in die begin" (Gen. 1:1,2) en die skeppingswerk van die ses dae (Gen. 1:3-31). Hemel en aarde is reeds aanwesig as God in vs. 3 begin skep. Vandaar dat hierdie laaste vroeër genoem is die *creatio secunda* (tweede skepping). Hoe lank nou daardie ,,in die begin" voor die sesdaagse skeppingswerk was en hoe lank die aarde tevore ,,woes en leeg" was (vs. 2), kan onmoontlik bepaal word.

In elk geval is hier genoeg speelruimte om die groot getalle van die wetenskap in te skrywe, mits dit eers bewys word dat hulle korrek is.[17] Wat egter deur ons aangeneem word, is dat die sesdaagse skepping 6 000 jaar gelede plaasgevind het. ...

**Dae of Tydperke?**

Die vorige stuk het aangetoon dat daar teoloë was wat aan die Skeppingsberig soos dit daar staan geen reëlе (werklike) waarde geheg het nie. Die ses dae was vir hulle maar ‘n raamwerk om te vertel wat feitlik in een oomblik tot stand gekom het. Omdat die skeppingswerk egter so ontsaglik omvangryk was, moes Moses (so word beweer) die werk na die orde van ses dae groepeer. Hierdie gevoele het ons weerlê, omdat dit nie ooreenkom met wat in Gen. 1 maar alte duidelik beskrywe word nie.

Nou kom ons tot ‘n ander groep manne. Hulle vat die skeppingsdae as tydperke op, tydperke van lange duur. Dit doen hulle om ‘n harmonie te bewerkstellig tussen wat enersyds in die Bybel staan en andersyds deur die wetenskap geleer word, met name die geologie (aardkunde) en paleontologie (die oudheidkundige studie wat hom besig hou met die ondersoek van oorblyfsels van plante en diere in die aardlae).

Die geologiese tydperke waarin die aarde in sy teenswoordige formasie tot stand gekom het, word dan tot ses teruggebring en met die ses skeppingsdae vereenselwig. Hierdie teorie het steun gevind by ‘n hele aantal teoloe en geoloë. Dit het so mooi gelyk, omdat hulle gemeen het dat daardeur ‘n ooreenstemming (concordia) bereik is tussen die Bybel en die wetenskap. Uit die groep manne wat hierdie teorie voorstaan, noem ons net die naam van Bettex, omdat sy geskrifte ook in ons land baie gelees word.

Daar word ‘n beroep gedoen op 2 Petr. 3 : 8, waar staan ,,dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag”. Ook word aangehaal Ps. 90:4: ,,Duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos ‘n nagwaak.”

Maar hierdie woorde het nie op die skeppingswerk betrekking nie. Daar word ons alleen gesé dat God die ewige wese is wat bo ons tyd maar verhewe is. Die kreatuur leef in die tyd, maar God se bestaan is in die ewigheid.

‘n Tweede argument word aangevoer.

Daar word betoog dat die Hebreeuse woord jom (dag) nie altyd die tydmaat tussen sonsopgang en -ondergang aandui nie maar soms in ruimer sin geneem moet word.

Aangehaal word Jes. 13:6, 9; Eseg. 13:5 en verwante plekke waar die uitdrukking ,,dag van die Here” voorkom; plekke waar, na die mening van die bedoelde manne, net so goed ,,tyd” of ,,tydperk” vir ,,dag” kan staan. Insonderheid word verwys na Eseg. 30:3: ,,Naby is die dag, ja, naby is die dag van die Here, ‘n dag van wolke; die tyd van die nasies sal dit wees.” Hier word, so lui die gevolgtrekking, die woord ,

[17] Hierdie kompromie wat Totius wil maak, blyk vir my ongelukkig ook in lyn te wees met wat hy reeds hierbo vermeld teenoor hulle wat die 6 dae as 6 ‘tydperke’ wil sien: “Die oorsaak dat tot hierdie opvatting gekom is, is dat hulle gemeen het om daarin ‘n ooreenstemming te vind tussen die skeppingsverhaal in Genesis en die tydperke van die aardkunde (geologie).” Totius probeer hier (met die ‘gapingsteorie’ tussen Gen.1:1,2 en die res) ook die geologie van sy tyd iewers in die Teks in te pas, sonder dat dit uit die Teks self kom. Prof. Helberg in sy skrywe hierbo, het vermeld: “1.1 Gen. 1 het ‘n historiese opset: daar is ‘n omlyning, ‘n *opeenvolging* en selfs ‘n numering van dae. 1.2 Daar word historiese werkwoorde gebruik, dit wil sê die wat vir die verhaaltrant gebruik word, soortgelyk aan ons: “*en* toe ...” (Hebreeus: waw consecutief). 1.3 Die opset is ook wel baie skematies telkens word van die *opeenvolgende* skeppingsdae op dieselfde wyse, in vaste refreine gepraat: “en God het gesê”; “en dit was so”; “toe sien God dat dit goed was”. Vers 2 word direk opgevolg in vers 3 met “En God het gesê ...”, wat dui opeenvolging van gebeure. Dit blyk dus dat daar nie plek is vir ‘groot getalle’ en tydperke tussen v.2 en 3 nie.” Verder kan gevra word, (a) indien daar ‘n ‘gaping’ is tussen v.2 en 3, waarom nie ook gapings tussen al die ander dae wat volg nie, (b) hoe versoen ‘n mens hierdie siening dan met Gen.1:31, “Toe sien God *alles* wat Hy gemaak het ... En dit was aand en more, die *sesde* dag” (alles = Gen.1:1 en 2 ingesluit?), (c) hoe word so siening versoen met Ex.20:11, wat daarop dui dat Gen.1:1,2 ingesluit is in 6 dae skepping, nie net Gen.1:3-31 nie, en, (d) laastens, sou daar miljoene jare verloop het tussen Gen.1:1,2 en vers 3, hoe rym dit met Jesus Christus (Hy wat by die skepping was, waardeur alles geskape is, Joh.1:1-3; Kol.1:15-17), se uitspraak in Mark.10:6: “... maar van *die begin van die skepping af* het God hulle man en vrou gemaak” ? – slc.

en ,,tyd" in gelyke sin gebruik. In Jes. 34:8 en 61 :2 kom iets dergeliks voor, want naas ,,die jaar van die welbehae van die Here" word in een asem genoem die ,,dag van die wraak van onse God".
Nou moet toegestem word dat die woord ,,jom" dikwels in die Bybel die betekenis van ,,tyd" het. Daaroor hoef nie lank geredeneer te word nie. Diegene wat die Afrikaanse Bybel aandagtig lees, sal dan ook merk dat somtyds die uitdrukking voorkom ,,op die dag" en weer ,,in die dag". Die reël wat soveel moontlik by die vertaling gevolg is, is dit: As ,,dag" die tydruimte tussen sonsopgang- en ondergang beteken, dan word die voorsetsel ,,op" gebruik; beteken ,,dag" egter 'n tydruimte van langer duur, dan kom die voorsetsel "in"
voor. In Eseg. 13:5 staan dan ook ,,in die dag van die Here". So ook in baie ander plekke. Veral die term: ,,in die dag" kom by die profete herhaaldelik voor.
Maar dit bewys nie wat die voorstanders van die tydperketeorie beweer nie. ,,Dag" beteken nog altyd 'n korter, afsienbare tydperk, maar die geologiese periodes omvat miljoene jare, volgens die bewering van baie geoloë.
In Gen. 1 word die woorde ,,aand" en ,,môre" by elke dag herhaal. Die hoofstuk self wys uit dat ,,dag" daar bedoel is as die tydruimte wat begin met dagbreek en eindig met die aandskemering.

Ons kan saamstem met wat prof. Aalders in hierdie verband sê:
,,Die voorstelling wat die tydperketeorie moet gee asof die lig ontelbare male geskyn het en dan weer verdwyn het voordat daar een enkele skeppingsdag verloop bet, is met Gen. 1 in stryd."

Die voorstelling asof binne die grense van een enkele ,,dag" (d.w.s. tydperk) 'n hele reeks van amper ontelbare dae en nagte opgesluit lê, is so verwarrend en soseer vreemd aan wat Gen. 1 so duidelik wil sê, dat die tydperketeorie nie met Gods Woord in die hand gehandhaaf kan word nie.

Dan, hierdie onhoudbare verklaring van Gen. 1 het ook nie die resultaat gelewer wat beoog is nie. Die ooreenstemming tussen die geologie soos dit nou gewoonlik gedoseer word, en die Bybel is nie bereik nie, maar die verskille bestaan nog.

Ons moet dus bly by die letterlike opvatting van Gen. 1. Maar hiermee is nog nie alles gesê nie. Ons hoop om in 'n volgende artikel een en ander mee te deel oor die letterlike verklaring self.

**Buitengewone dae**
Die skeppingsdae is geen tydperke nie. Tot sover het ons nou gekom. Maar as die skeppingsdae dan werklike dae was, moet hulle ook as gewone dae beskou word ?
Hierdie vraagpunt kan ons nie swyend verbygaan nie, te meer indat dit in Nederland destyds ter sprake gekom het in verband met de Geelkerkensaak. Ook nou nog word telkens weer dieselfde punt na vore gebring.
Soos ons lesers weet, het dit in die Geelkerkenstryd gegaan oor die kwessie of Gen. 2 en 3 letterlik verklaar moet word of nie. Dr. Geelkerken wou naas die letterlike verklaring ook opening gee vir ander opvattinge.
Terwyl die stryd aan die gang was, is daar, as ons ons goed herinner, van die Geelkerkenkant beweer dat ook Gen. 1 in die geding betrek moet word; dus nie net Gen. 2 en 3 nie. Verder is van dié kant angevoer dat ook drr. Kuyper en Bavinck ten opsigte van Gen. 1 beweer dat ons daar te doen het met buitengewone dae. Sodat — dit was die gevolgtrekking — ook Kuyper en Bavinck geen voorstanders is van streng—letterlike verklaring van Gen. 1 nie. En as dit die geval is— so was verder die gevolgtrekking — dan moet ten opsigte van Gen. 2 en 3 ook vryheid van verklaring toegelaat word.

Maar wat het Kuyper en Bavinck eintlik bedoel?

Prof. Aalders gee hulle bedoeling met hierdie woorde goed terug: ,,Van gewone dae mag 'n mens daarom nie spreek nie, omdat ons te doen het met die werkdae van God, dae waarop God die geheel enige werk van die skepping voltooi het. Alreeds hierom is daar voldoende rede om in elk geval te spreek van buitengewone dae of dae van buitengewone karakter, soos Bavinck dit uitdruk."

Maar dit is glad iets anders as wat die Geelkerkenmanne bedoel het. Iets buitengewoons wees en tog werklik plaasvind. Ons hoef hier maar net die wonder as voorbeeld by te bring. 'n Wonder is iets buitengewoons, iets wat in die gewone gang van sake nie aanskou word nie. En tog is 'n wonder werklik, dit vind plaas voor die oë van die toeskouers en kan deur hulle getas word.
So spreek die genoemde godgeleerdes ook van die skeppingsdae as as buitengewoon. Dit is werkdae, nie van die mens nie maar van God. Wat toe gebeur het, het daarna nooit weer gebeur nie, nl. die tot standkoming van die skepping.
Wat Kuyper en Bavinck so laat spreek het, is veral die feit dat die son eers op die 4de dag geskape is. Die eerste drie dae was dus ten minste ongewoon, deurdat hulle nie veroorsaak is deur die op- en ondergang van die son nie. En soos prof Aalders opmerk, daar is alle rede om die buitengewoonheid uit te brei tot die laaste drie skeppingsdae. Toe was die son al daar, maar God bly nog steeds die werker, die dag is nog steeds sy werkdag, terwyl daarby nog geen mens aanwesig was nie.

Een ding is seker duidelik — al is 'n dag buitengewoon (soos ook die laaste dag van die wéreld sal wees), en al kan 'n mens die presiese duur daarvan nie bepaal nie, — 'n dag word darem nooit 'n tydperk nie. Met die tydperkteorie het hierdie opvatting van Kuyper en Bavinck niks te maak nie.

Wat nou die duur van die skeppingsdae betref (vera van die eerste drie), daaromtrent sê prof Aalders dit: ,,Die onsekerheid aangaande die duur van die skeppingsdae sluit volstrek nie in dat hulle langer en selfs baie langer van duur was as ,ons' dae nie. Hulle kon ewe goed korter en selfs baie korter gewees het as ons allerkortste winterdag."
Ons ou Gereformeerde skrywers het al hulle aandag gewy aan die vraag of die skeppingswerksaamheid van God telkens die hele dag in beslag geneem het. Meestal is die vraag so beantwoord dat die afsonderlike skeppingsdade in slegs enkele oomblikke plaasgevind het (Turrentinus, V. Maastricht).
In elk geval kan ons aan die almag van God geen paal of perk sit nie. Een enkele oomblik is vir God genoeg om te doen alles wat Hy wil. Hoeveel tyd, na ons maatstaf gereken, God in sy welbehae wou gebruik vir sy werk — daarvan weet ons niks nie.
Om weer prof Aalders aan te haal: ,,Die Heilige Skrif sê ons daar niks van nie, en ons mag die Skrif nie meer laat sê as wat hy inderdaad sê nie. . . Om ons standpunt skerp te laat uitkom (skryf die professor verder) moet egter nog eens met alle klem gesê word: die skeppingsdae hoef nie langer geduur het as ,ons' dae nie, hulle kan ook baie korter gewees het, hulle kan, in ons tydmaat, slegs enkele sekondes in beslag geneem het."
Ons wil alleen laat blyk het dat Kuyper, Bavinck en Aalders geen voorstanders van die tydperkteorie is nie. Hulle hou hul aan die woorde van die Skrif. Verder pas dit ons om nie wyser te wil wees as wat ons betaam nie. In Gen. 1 staan ,,dae", en daar bly ons by.

---

## IN DIE BESTEK VAN SES DAE

**deur dr. Kenneth L. Gentry, Jr.**[18]

**D**ie groot hervormer Johannes Calvyn stel dat God self in die verloop van ses dae die wêreld geskep het (*Genesis* 1:5). Ons kerk se Belydenisskrif stem saam. Dit verklaar dat God die wêreld geskep het "in die verloop van ses dae" (WCF 4:1). Hierdie duidelike bevestiging van die tydsduur, gebasseer op die openings hoofstukke van die Bybel, word egter al meer radikaal ge-herinterpreteer deur sommige gereformeerde teoloë. Was Calvyn reg? En die kerkvaders? Het hulle "verantwoordelik omgegaan" met die Woord van God? Of was hulle naïwe kinders van hulle tyd?

In hierdie artikel sal ek verskeie oortuigende redes voorhou vir die verstaan van Genesis 1 op die voorhandliggende manier. Dit sluit in beide die kronologiese opeenvolging van gebeure as die 24 uur

[18] Met toestemming oorgeneem uit *Ordained Servant* (kerklike tydskrif van die OPC), vol. 9, no. 1 (January 2000), pp. 12-16, en vertaal deur J B van Heerden. Dr. Kenneth L. Gentry, Jr. dien tans as predikant van die Grace Orthodox Presbyterian Church van Costa Mesa, California. Hy dien ook as een van die professore van die Bahnsen Theological Seminary in San Diego. Hy is die skrywer van etlike boeke en artikels oor verskillende teologiese onderwerpe.

tydsverloop van die dae. Daarna sal ek kortliks die mees algemene besware hanteer teen 'n Ses Dae Skepping eksegese.

**Die Argument vir Letterlike, Opeenvolgende Dae**

1. *Argument van Primêre Betekenis.* Die algemene gebruik van die woord "dag" (Heb. *yom*) in die OT verwys na 'n normale dag. Die oorweldigende meerderheid van die 2 304 keer wat dit in die OT voorkom verwys dit óf na normale, volle dag-nag sirkel, óf na die verligte deel van hierdie tydsverloop. Trouens, op dag 1 het God self die "lig" "dag" genoem (Gen 1:5) en daarmee die tydsbetekenis van die term in die skeppingsweek vasgemaak. Soos Berkhof verklaar in sy verdediging van 'n ses dae skepping: In sy primêre betekenis verwys die woord *yom* na natuurlike dag; en dit is 'n goeie reël van eksegese om nie af te wyk van die primêre betekenis van die woord tensy dit deur die konteks vereis word nie." (Systematiese Teologie, 154).

2. *Argument van Eksplesiete Kwalifisering.* Sodat ons nie miskien die punt sal mis nie, kwalifiseer Moses konsekwent elkeen van die ses dae met: "aand en môre". Buite Genesis 1 kom die woorde "aand" en "môre twee-en-dertig keer voor in die OT, waar dit die twee dele aandui wat 'n normale dag definieer (bv. Eks 16: 13; 18:13; 27:21). Robert L. Dabney merk op in sy verdediging van 'n ses dag skepping: "Dit lyk asof die heilige skrywer ons wil dwing tot die letterlike verstaan van die dae deur dit te beskryf as bestaande uit hulle natuurlike dele, naamlik oggend en aand." (*Systematic Theology*, 255).

3. *Argument van die Numeriese Byvoeglike Naamwoord.* Genesis 1 koppel 'n numeriese byvoeglike naamwoord aan elkeen van die skeppingsdae: eerste, tweede, derde, ens. Moses koppel numeriese byvoeglike naamwoorde aan *yom* 119 keer in sy skrywes. Dit beteken altyd letterlike dae, byvoorbeeld die besnydenis op die "agste dag" (Lev 12:3; Num 33:38). Dieselfde geld vir die 357 keer wat dit *yom* kwalifiseer buite die Pentateug. (Hos 6:2 is nie 'n voorbeeld van die teendeel nie. Dit verwys óf na die sekerheid van die nasionale herstel van Israel en gebruik die letterlike tydsverloop wat 'n liggaam neem om te ontbind [Jn 11:39] om hulle hoop te onderstreep. Óf dit mag verwys na Christus se opstanding op die derde dag as Israel se hoop [1 Kor 15:4].) Soos Gerhard Hasel waarneem: "Hierdie drieledig ineengevlegde aspekte van enkelvoudige gebruik aangevul deur 'n numeriese byvoeglike naamwoord en die tydsaanduiding van 'aand en môre', hou die skeppings 'dag' dieselfde regdeur die skeppingsverhaal. Dit dui ook aan dat tyd gesien word as liniêr en gebeure daarbinne as opeenvolgend. Om van die letterlike verstaan hierin af te wyk as sulke direkte taal gebruik word, gaan te ver met die voor die handliggende, duidelike betekenis van die Hebreeuse taal." ("The 'Days' of Creation," *Origins* 21:1 [1984] 26 - *vertaal*).

4. *Argument van Genommerde Reeks.* Verwant hieraan, maar vanuit 'n effens ander hoek, merk ons op dat as *yom* voorkom in 'n genommerde reeks, verwys dit altyd na natuurlike dae (bv. Eks 12:15-16; 24:16; Lev 23:39; Num 7:12-36; 29:17ev). Genesis 1 het 'n reeks van genommerde dae met 'n rede: dit dui op opeenvolgende, vloeiende kalender dae. Soos E. J. Young opmerk teenoor die Raamwerk siening: Derek Kidner stem saam: "Die aanstap van die dae, is te veel van 'n majestieuse progressie om geen implikasie te hê vir die spesifieke volgorde nie; dit lyk ook 'n oordrewe subtiliteit om een van die hoofindrukke wat die gedeelte op die gewone leser laat, gewoon buite rekening te laat. Wayne Grudem kom tot die gevolgtrekking: "Die implikasie van 'n kronologiese opeenvolging, kan nie gesystap word nie." (*Systematic Theology*, 303 - *vertaal*).

5. *Argument van Samehang van Gebruik.* The woord *yom* in Genesis 1 beskryf Dae 4-6 – nadat God die son geskape het met die doel om die dae te merk (Gen 1:14,18). Dit is interessant dat Moses Dag 4 beklemtoon deur die tweede meeste aantal woorde te gebruik om dit te beskryf. Die laaste drie dae van die skepping is tog duidelik gewone dae. En tog is daar niks in die teks wat 'n verandering van tydsbetekenis aandui van die *yom* van die eerste drie dae nie; hulle word gemeet deur dieselfde

tydsaanduiding (*yom*) saam met dieselfde beskrywings (rang telwoorde en "aand en môre"). Moet dag 1 tot drie dan nie ook as normale dae verstaan word nie?

6. *Argument van die Goddelike Voorbeeld.* Die Skrif dui spesifiek die patroon aan vir die mens se werksweek na aanleiding van God se eie oorspronklike skeppingsweek (Eks 20:9-11; 31:17). En soos dit daar staan, is dit nie vir die doel van analogie nie, maar vir nabootsing. Trouens, waarvan sal die skeppingsdae 'n analogie kan wees? God woon in tydlose ewigheid (Jes 57:15) en bestaan nie onder die beperkinge van tyd nie (2 Pet 3:8) Irons stel dat God gekies het om hierdie inligting nie te openbaar nie. (Irons, *"The Framework Interpretation Explained and Defended,"* [1998], 66). Maar dan is die analogie sinloos (Joseph Pipa, *Did God Create in Six Days?*, 172).

Ons kan ook nie voorstel dat die die dae antropomorfies is nie, want antropomorfiese taal kan op God alleen toegepas word en nie na behore gebruik word met betrekking tot die ses dae nie (Young, *Genenis One,* 58).

Om van Genesis 1 bloot 'n literêre raamwerk te maak, keer die werklikheid om: Die mens se week word 'n patroon vir God s'n! Soos Young, in navolging van G. C. Aalders, opmerk: "Die mens moet die Sabatdag gedenk, want God het dit ingestel... Die menslike week word geldig en kry betekenis van die skeppingsweek. Die vierde gebod bied 'n beslissende argument teen enige nie-kronologiese skema van die ses dae van Genesis 1". (*Genesis One*, 78-79). As God nie in ses dae geskape het nie, het ons geen rede vir Israel se werksweek nie – want Israel het 'n ses dae werksweek gehad gevolg deur 'n dag van rus nog voordat Genesis geskryf is.

7. *Argument van die Meervoudsuitdrukking.* Eksodus 20:11 en 31:17 leer ook dat God die hemele en die aarde geskape het "in ses dae" (yammim). Soos wat Robert L. Reymond ons herinner: "Langer tydperke word nooit deur die woord yammin aangedui nie " (*Systematic Theology,* 394). Trouens, die meervoud yammim kom 858 keer in the OuTestament voor en dit verwys altyd na normale dae. In Eksodus 20:11 (soos Gen 1) ontbreek dit aan enige soort van poëtiese struktuur; dit dui op 'n feitelike vertelling. Deur hierdie bondige beskrywing som God die kreatiewe aktiwiteit op wat nie net inpas by 'n ses dae kreatiewe proses nie, maar dit inderdaad vereis.

8. *Argument van Ongewone Uitdrukking.* Vanweë die Joodse praktyk om dae te bereken van aand tot aand, mag die tyd patroon van "aand en môre" ongewoon lyk (want dit aanvaar die dag begin in die môre, gaan deur na die aand en sluit af die volgende môre). Cassuto lewer die volgende kommentaar: "Wanneer 'n duidelike verwysing gemaak word na die verhouding van een dag met die volgende een, is dit presies sonopkoms wat geag word as die begin van die tweede dag (Genesis 1:28)". Eksodus 12:18 byvoorbeeld, reken die veertiende aand as die einde van die veertiende dag (Lev 23:32). Daarom beskryf Genesis 1 letterlike dae bereken volgens die nie-rituele patroon met aande wat die dag afsluit gevolg deur môre wat die donkerte afsluit en wat daardeur 'n nuwe dag laat begin (bv. Gen 19:33-34; Eks 10:13; 2 Sa 2:32).

9. *Argument van die Alternatiewe Idioom.* Indien Moses bedoel het dat ses dae, ses langer tydperke voorstel, kon hy 'n meer gepaste uitdrukking gebruik het: *olam*. Hierdie woord word dikwels vertaal met "vir altyd", maar dit beteken ook 'n lang tydperk (bv. Eks 12:24; 21:6; 27:20; 29:28; 30:21) Verder sou hy dan nie die dae gekwalifiseer het met "aand en môre nie".

10. *Argument van Akademiese Erkennings.* Dit is merkwaardig dat selfs liberales en "neo-evangelicals" wat 'n Ses Dag Skepping ontken, sien raak dat Moses bedoel het letterlike dae. Herman Gunkel: "Die 'dae' is natuurlik dae en niks anders nie" (Hasel, "The 'Days' of Creation," 21)). Gerhard von Rad: "Die sewe dae moet sonder twyfel verstaan as werklike dae en 'n unieke, onherhaalbare verloop van tyd in hierdie wêreld" (*Genesis 1-11*, 65). Sien ook: James Barr (*Fundamentalism*, 40-43); Brown-Driver-Briggs *Lexicon* (p. 398); Koehler en Baumgartner's *Lexicon*(p. 372); Holladay's *Lexicon* (p. 130); en

Jenni en Westermann's *Theological Lexicon* (528). Evangeliese Ou Testamentiese akademikus Victor Hamilton stel die saak dogmaties:: "Wie ookal Genesis 1 geskryf het, het geglo dat hy praat van letterlike dae " (*Genesis*, 1:54), net soos Wenham (Genesis, 1:19).

Om op te som: Moses lig ons in dat God die heelal geskape het in die verloop van ses, kronologiese, opeenvolgende periodes van 24 uur elk. Nieteenstaande hierdie feit, sien die *Raamwerk* en *Een-Dag-is-eintlik-Eeue* voorstanders verskeie probleme.

**Probleme met Letterlike, Kronologiese Dae**

1. *Beswaar*: "Genesis 2:4 praat van die hele skeppingsweek as 'n 'dag', en dui so aan dat dag dalk nie letterlik verstaan moet word nie. Antwoord: Die term wat hier gebruik word, is eintlik *beyom*, 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken "wanneer" (NIV, NRSV, NAB; cp. TDOT 6:15). In elk geval, al het Genesis 2 'dag' met 'n ander betekenis gebruik, kwalifiseer Genesis 1 baie versigtig die skeppingsdae (sien punte 2-5 hierbo).

2. *Beswaar*: "Genesis 2:2-3 vestig die sewende dag as die dag van God se rus, wat voortgaan en nie 'n letterlike dag is nie. Dit wys dat die vorafgaande ses dae lang periodes kon wees." Antwoord: (1) Kontekstueel is hierdie 'n argument van wat verswyg word – een wat in teenstelling staan met Exodus 20:11. (2) As dit waar is, sal dit beteken geen val en vloek (Gen 3), omdat God daardie 'voortgaande dag' altyd sou heilig en seën. Inteendeel, God seën nie sy ewige rus nie, maar 'n spesifieke dag. (3) Dae 1-6 (die eintlike skeppings periode) word uitdruklik beperk; Dag 7 nie. (Dit is egter omdat die skeppingsweek opgehou het. Om te verwys na nog 'n môre impliseer nog 'n dag wat volg in daardie unieke periode) Omdat dit die sewende dag is in 'n reeks van ses voorafgaande letterlike dae, hoe kan ons dit anders interpreteer as letterlik?

3. *Beswaar*: "Op Dag 4 skep God die son om lig te verskaf; maar lig was geskep op Dag 1. Dit wys daarop dat die dae nie kronologies georden is nie, maar tematies aaneengeskakel." Antwoord: Hierdie "probleem" word geantwoord in die konteks. Op Dag 1 verklaar God die nuut geskepte lig as "goed", maar nie dat hy dit van die duisternis geskei het om "aand en môre" te vorm nie. Dit is omdat die finale meganisme van skeiding (die son) nie geskep is voor Dag 4 nie. Daarom, wanneer Dag 4 uiteindelik eindig, lees ons: "dit was goed"(Gen 1:18). Dit is soortgelyk aan die skeiding van die waters daarbo en daaronder op Dag 2, wat nie verklaar word dat dit "goed" was tot die finale skeiding van land op Dag 3 (Gen 1:9) nie. Of soos Adam se skepping nie "goed" was (Gen 2: 18) totdat Eva uit hom geneem is nie. Verder sinspeel die Skrif op ander plekke dat lig afsonderlik geskep was van die son (2 Kor 4:6; Job 38:19-20) en afsonderlik daarvan kan bestaan (Op 22:5).

Bowendien vra die meeste van die materiaal in Genesis 1 vir kronologiese orde – selfs vir die Raamwerk voorstanders. Dit impliseer dat die verassende volgorde van lig-dan-son ook kronologies verstaan moet word. Nie net word Genesis 1 gestruktureer met vyf-en-vyftig *waw* verbindings, wat narratiewe opeenvolging aandui nie, maar let op: Skeiding van die waters op Dag 2 vereis dat dit voor die tyd geskep is op Dag 1 (Gen 1:2d). Die skepping van die see op Dag 3 moet die see diere se skepping op Dag 5 voorafgaan. Dag 3 het logies droë land wat voor plante later op daardie dag kom. Dag 3 moet Dag 6 voorafgaan omdat land geskep moes wees voor diere en die mens. Dag 6 moet kom as laaste fase van die skepping, omdat die mens die duidelike klimaks vorm van God se skepping. Dag 6 hou logies voor dat die mens geskape is na die diere (Dag 5 en 6) en dat hy beveel word om daaroor te heers. Dag 7 moet die reeks afsluit omdat dit aankondig dat die skepping voltooi is (Gen 2:2).

4. *Beswaar*: Die parallelisme elke derde dag dui op 'n tematiese eerder as 'n kronologiese ranskikking: Dag 1 skep lig; Dag 4 die ligdraers. Dag 2 se water en lug stem ooreen met Dag 5 se diere en voëls. Dag 3 se land stem ooreen met Dag 6 se land, diere en die mens." Antwoord: (1) Sulke parallelisme kan beide literêr en histories wees; die twee sluit mekaar nie uit nie. God kan in sy glorie optree volgens

interessante patrone. Byvoorbeeld, net soos die land uit die water opkom op die derde dag, net so staan Jesus op uit die graf op die derde dag. Net so in Joh 20:15 sien Maria Magdalena vir Jesus, die tweede Adam, in 'n tuin (Joh 19:41) en neem aan hy is die tuinier. Is dit 'n nuwe Eva wat die Nuwe Adam in 'n nuwe tuin onder 'n nuwe verbond ontmoet? Hierdie teologiese beelde kan net so wel waar wees hier. Maar sy het werklik die opgestane Jesus gesien. (2) Ons moet nie toelaat dat die stilistiese harmonie in die openbaring van die skepping voorrang geniet bo die uitdruklike progressie in die geskiedenis van die skepping nie. Die kronologiese opeenvolging laat te veel van 'n indruk op die vertelling om bloot versiering te wees. (3) Verskeie dissonante eienskappe praat teen die voorgehoue literêre raamwerk. Byvoorbeeld, "waters" word geskep op Dag 1 (Gen 1:2), nie Dag 2 nie — wat die parallel versteur met die skepping van die water diere van Dag 5. Meer nog, die skepsele van Dag 5 moet swem in die see van Dag 3. Gevolglik het die see wat afgeskei is op die derde dag, geen ooreenstemmende inwoner wat geskep word op sy parallelle dag, Dag 6 nie. Verdere voorbeelde word uitgewys deur Young (*Genesis One*, 71-73), Grudem (*Systematic Theology*, 302-03), en andere.

5. *Beswaar*: "God het gewone, stadig werkende voorsienigheid gebruik as die hoof metode van skep: Genesis 2:5 vereis dat die derde dag baie langer moes wees as 24 uur, want die water wat vroeër op Dag 3 verwyder is van die land, het die land so droog gelaat dat dit desperaat was vir reën om die land te kan klee met plantegroei. Tog verskyn die volle plantegroei teen die einde van daardie selfde dag, Dag 3 (Gen1:11) .

Antwoord: Hierdie nuwe, minderheids interpretasie van Genesis 2:5 mis Moses se punt. In Genesis 2 is Moses (A) Besig om Adam se morele toets op te stel, terwyl (B) hy die verwagting skep van mislukking. Let eers op die opstelling: (1) Genesis 2:4 stel ons bekend aan wat met die skepping gebeur (Young, *Genesis One*, 59-61). (2) In die beskrywing van die hele skeppingsverhaal, gebruik Genesis 1 net God se naam van mag (Elohim); Genesis 2 bring skielik God se verbonsnaam na vore (Jahwe). (3) Anders as met die skepping van die diere (klomp gelyk – deur net te spreek), skep God Adam individueel en met gevoel (2:7). (4) Genesis 2 fokus op die mooi tuin (2:8-9) en God se genadige voorsiening van 'n liefdevolle helper vir Adam (2:18-24). (5) God voorsien oorvloed van kos vir Adam (2:16). Dus, die Here God is lief vir Adam en versorg hom goed. Sal Adam hom ongehoorsaam wees in sulke glorieryke omstandighede?

Let tweedens op die verwagting. Met die opening van die nuwe gedeelte met die woorde van Genesis 2:5, skep die verteller met opset die verwagting van Adam se val en God se vloek – en berei so die leser voor vir die werklikheid van die dood (Gen 2:17): (1) Genesis 2:5 stel dat voordat God die grond vervloek het met struike vol dorings (Gen 3:18a) en voordat die mens in die sweet van sy aangesig die grond sou bewerk (Gen3:18b-19a), het God hom voorsien met alles wat hy nodig het. (2) The vertelling vermeld God se skepping van Adam uit stof (Gen 2:7), wat die verwagting skep van sy rebellie en terugkeer daarnatoe (Gen 3:19b). (3) Dit toets Adam met betrekking tot sy eet van dit wat God in oorvloed voorsien het (Gen 2:16-17), wat sy stryd om te eet vooruitskou deurdat hy God se enkelvoudige verbod nie gehoorsaam het nie(Gen 3:17-19a). (4) Ons leer dat met hulle skepping was Adam en Eva naak en nie skaam nie (2:25), wat die verwagting skep van die skaamte wat sou kom (3:7).

Dus, Genesis 2:5 skep die verwagting van morele verval eerder as wat dit die skeppingsmetode wil aankondig.

## Gevolgtrekking

'n Leidende voorstander van die Raamwerk teorie, Meredith Kline, argumenteer dat "sover dit die tydsverloop aangaan, asook die opeenvolging van gebeure, is die wetenskaplike vry van enige Bybelse beperkinge in teoretiesering oor die oorsprong van die heelal ("Space and Time in the Genesis Cosmogony," in *Perspectives on Science and Christian Faith*, 48 [1996]: 2). Die Skrif leer duidelik dat

"vanaf die begin van die skepping, het God die mens gemaak man en vrou (Mark 10:6). Maar Kline laat biljoene jare toe van skepping (van die eerste *ex nihilo* tot by Adam), en beweer dat ons maar so pas die skeppingsweek verlaat het!

Daar is sekerlik heelwat meer oor die onderwerp wat gesê moet word. Ek glo egter dat die bogenoemde argumente voldoende die geldigheid van ons belydenisskrif demonstreer, wat leer: "It pleased God the Father, Son, and Holy Ghost, for the manifestation of the glory of His eternal power, wisdom, and goodness, in the beginning, to create, or make of nothing, the world, and all things therein whether visible or invisible, in the space of six days; and all very good."

Vir al hierdie redes is ek 'n Ses Dae Kreasionis.

---

# SKEPPING EN ERFSONDE

- 'n Paar opmerkings in antwoord op dr. Nico Vorster se artikel, *Die teologies-polemiese gerigtheid van Genesis 1-3: implikasies vir die gereformeerde leer oor die erfsonde* –
*deur ds. Slabbert Le Cornu*

**Inleiding**
Hieronder volg 'n paar gedagtes en aanhalings uit verskillende bronne, in antwoord op dr. Nico Vorster se artikel wat in die, *In die Skriflig* 43(1) 2009:95-117, tydskrif van die GTV (Gereformeerde Teologiese Vereniging), verskyn het.[19]

**Artikel 1**

Totius skryf reeds in 1930:

> "Ahoewel die Wellhausenskool met sy splitsing van die Pentateug in J. E. D. P.-bronne nog in die geleerde wêreld die heerskappy voer, is dit 'n teken van die tyd dat 'n skaar van manne uit twee teenoorgestelde kampe hulle meer en meer versit teen daardie ,,bronne splitsing". Vandaar dat prof. Aalders spreek van 'n ,,ty-kentering". Ons kinders sal dan ook hoogs waarskynlik die verdwyning van die Wellhausenteorie aanskou en sal dan wellig die pleit moet voer teen glad ander ,,onderstellinge", **want die vyandskap teen die Woord van God sal nooit ophou nie**. Gelukkig as hulle dan maar vashou aan die uitsprake van die Woord!" - Totius, *Die Kerkblad*, 16 September 1930 (*Versamelde Werke*, deel 1. Tafelberg, 1977, bl.53. Beklemtoning bygevoeg).

Dit is my hoop dat ons gereformeerde Ou Testamentici ook op 'n formeel akademiese wyse sal antwoord op dr. Vorster se artikel, behalwe die broeders/gemeentes wat dit moontlik ook op die kerklike en ander weë gaan opvolg.

Intussen 'n paar opmerkings van my kant af:

Die erns van die saak is ook daarin geleë dat Vorster eintlik die gereformeerde katkisasie en ons belydenis aankla.

Hy meen ons tradisionele eeu-oue verstaan van Genesis 1 tot 3 (genoem die 'histories letterlike' verstaan), en wat (hopelik nog?) in katkisasie geleer word, is in stryd is met die gereformeerde belydenis. Hy skryf samevattend (beklemtonings bygevoeg):

> "Binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) word die skeppingsverhale dikwels nog op grondvlak, spesifiek in kategese, as histories-letterlike stof hanteer. Dit is grootliks daaraan te wyte dat die skeppingsverhale, **strydig met die gereformeerde belydenis**, in die organiese inspirasieteorie, a-histories geïnterpreteer word. Die skeppingsgeloof in die Skrif het egter nie

[19] Dr. Vorster is verbonde aan die NWU se teologiese fakulteit en predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin.

> binne ’n historiese vakuum ontstaan nie, maar het ontwikkel binne die denkwêreld van die Antieke Ooste. Israel kon sy geskiedenis en historiese ontmoetings met God alleen binne hierdie horison verstaan. Barth (1958:82) stel tereg dat die idee dat die Skrif alleen gesagvol kan wees indien dit histories-letterlik spreek, onhoudbaar is en deur die Christelike kerk laat vaar moet word. Dit is juis op grond van hierdie uitgangspunt dat die liberale teologie sekere dele van die Skrif wou ontmitologiseer. ’n Histories-letterlike verklaring van Genesis 1-3 het absurde implikasies, bring die gesag van die Skrif in gedrang en lei tot onhoudbare dogmatiese redenasies soos dat sonde biologies-geneties van geslag tot geslag oorgedra word. ’n Verstaan van Genesis 1-3 as teologiese stof met ’n polemiese gerigtheid, laat groter reg geskied aan die boodskap van Genesis 1-3."

Dus, Barth se teologie was reg, Totius se teologie was verkeerd ... en daarom moet ons teologie vandag seker ook nou verder ewolueer ?

Vorster meen ons moet Genesis 'teologies polemies' verstaan. Dit behels die volgende:

> "Die skeppingsverhale is teologiese stof wat ’n verduideliking gee van God se doel met die skepping en die relasie van God tot die mens. Genesis 1-3 bied nie wetenskaplike analises of gevolgtrekkings nie, maar beskryf die verhouding tussen God en die wêreld in die vorm van metafore, beelde en simbole wat in die antieke wêreld bekend was en wat waarhede uitdruk wat te kompleks is om op ander maniere uit te druk. Dit skeppingsverhale behoort daarom teologies en profeties geïnterpreteer te word, en nie soos moderne geskiedskrywing in terme van oorsaak en gevolg nie. Die skeppingsverhale leer ons dat God alle dinge geskape het, nie hoe Hy alle dinge geskape het nie. Dit gee nie vir ons ’n eksakte, wetenskaplike en chronologiese beskrywing van skeppingsgebeure nie, maar lig eerder die groot momente uit. In kort: die Ou Testament bied nie ’n sistematiese teorie oor die oorsprong van die wêreld nie, maar vra geloof in God se skeppingsmag (Vischer, 2004:14)."

Terwyl 'n mens die artikel van Vorster lees, is dit moeilik om te verstaan wat hy nou eintlik wel glo oor Gen.1-3: Genesis is nie geskiedenis soos ons dit vandag ken nie, maar tog in 'n sekere sin is dit wel 'geskiedenis'. Die sondeval is 'n werklikheid, maar nie 'n historiese werklikheid soos ons dit nog altyd verstaan het nie. Daar heers by die skrywer groot verwarring, ten minste soos hierdie leser dit ervaar het, oor wat die aard en wese van Genesis 1 tot 3 nou werklik is. Vorster glo blykbaar dat Gen.1-3 is nie 'mite' nie (Bultmann), maar dit is ook nie ‘geskiedenis’ (Totius) nie, maar wel ‘saga’ (Barth). Al wat ek kan sê is, sterkte vir daardie arme katkisante wat dit alles nou moet probeer verstaan, in plaas van die "histories letterlike verklaring" volgens Ex.20:11.

Vorster val dan ook terug op die Wellhaussen teorie aangaande die ontstaan van die Pentateug (eerste vyf boeke van Moses), om sy saak te stel dat ons Genesis nou anders moet lees. Prof Jaap Helberg (*Verklaring en Prediking van die OT*, 1983:20) het die volgende geskryf oor die Wellhausen teorie (JEDP bronne-hipotese), wat ons ook beter sal laat verstaan waarom die aanvaarding van hierdie bronne-teorie so belangrik is om sodoende die huidige evolusionistiese 'wetenskap' met die Bybel te (probeer) versoen (beklemtonings bygevoeg):

> "Wellhausen het groot invloed op die verklaring van die Ou Testament uitgeoefen deur dit te benader **vanuit 'n evolusionistiese skema**. Hy het die stof van die Ou Testament geherrangskik volgens wat hy beskou het as ‘n minder of meer ontwikkelde Godsbegrip. Die oudste vorme van godsdiens is ‘n aanbidding van baie geeste (polidaemonisme), dan volg die aanbidding van baie gode (politeisme) en uiteindelik die aanbidding van slegs een God (etiese monoteisme). Hierdie laaste stadium is die van die profete. Die finale vorm daarvan is die Godsvoorstelling van Jesus. Wellhausen het die Pentateuch (5 boeke van Moses) gesien as ‘n samevoeging van verskillende bronne (J, E, P en D). Studie van die oudheidkunde en opgrawings het later egter aan die lig gebring dat sogenaamde ontwikkelde Godsbegrippe reeds tot die oudste periodes van die Ou Testament behoort. Daarby is die voorgestelde volgorde van die bronne gewysig en is die gedeelte van die sogenaamde priesterlike skool (P) as die heeljongste beskou, naamlik uit die

> tyd van die ballingskap. Die bronne-teorie word vandag nie meer so kategories as vroeër gehanteer nie, veral nie met sy **evolusionistiese benadering** nie, maar tog geniet dit tot vandag toe taamlik algemene erkenning."

Vorster deel ook die etikette uit, deur die skeppingsleer te probeer verbind aan 'die roomse gevaar' en 'fundamentalisme', wat nou seker 'aanstoot' moet veroorsaak by sy lesers. Ek dink die motief daaragter is om die 'twyfelaars', 'draadsitters' en hulle wat akademiese aanvaarbaarheid voor die heidense wêreld najaag, te kry om hul te skaam vir die 'kreasioniste' en sogenaamde 'agtergehaalde' wetenskap van die kreasioniste.

Laasgenoemde wetenskaplikes vra 'n ongemaklike klomp vrae (vanuit beide die Bybel én natuurwetenskap), en as mense hul goed gaan begin lees en besef hierdie mense is medegelowiges wat lief is vir die Here, sy Woord as onfeilbaar beskou (en nié enige natuurwetenskap nie, *ook* nie hul eie nie), en boonop nog op natuurwetenskaplike terrein die hoogste kwalifiasies in verskillende vakgebiede het, en dus 'geloofswetenskap' wil beoefen, dan gaan dit die aanbidding van die evolusionistiese wetenskap groot skade aanrig.

[Sien bv. http://www.answersingenesis.org/articles/wow/can-creationists-be-real-scientists]

Die troos wat ek het, is dat elke **ware** wetenskaplike, of dit nou 'n bybelwetenskaplike of natuurwetenskaplike is, daarop uit sal wees om wetenskaplike ondersoek te doen van alle moontlike bronne, hetsy Skriftuur of natuur, en, hul dus nie laat beperk tot die huidige sektariese modegier om net die evolusionistiese teorieë en sekere pseudo-bybelwetenskaplike artikels te lees nie.

> "Christianity has fought, still fights, and will fight science to the desperate end over evolution, because evolution destroys utterly and finally the very reason Jesus' earthly life was supposedly made necessary. Destroy Adam and Eve and the original sin, and in the rubble you will find the sorry remains of the son of god. Take away the meaning of his death. If Jesus was not the redeemer that died for our sins, and this is what evolution means, then Christianity is nothing." - G. Richard Bozarth, "The Meaning of Evolution", *American Atheist*, 20 Sept. 1979, p.30

**Artikel 2**

Dr. Vorster skryf verder in sy artikel: "Fundamentalistiese bewegings poog dikwels om pseudowetenskaplike gegewens te verskaf wat die Bybelse skeppingsverhale reg bewys. Die histories-letterlike benadering skep egter onhoudbare probleme."

Skeppingsleerders, wat werk met die 'histories-letterlike benadering' (ook genoem die openbaringshistories grammaties-historiese benadering tot Skrifverklaring), probeer nie 'bewys' dat die skeppingsverhale reg is nie, hul glo dat dit waar en reg is o.g.v. Godsopenbaring (Hebr.11:1,3,6), en kyk dan deur die bril van die Skrif na die natuur (NGB artikel 2).

Vanuit hierdie gegewe, beoefen skeppingsleerders dus wetenskap en sien geen teenstrydigheid tussen Skriftuur en natuur nie, indien albei reg 'gelees' word, ook in verhouding tot mekaar.

Totius skryf (VW, 1977, deel 1: 198):

> "Veral by Rooms-Katolieke skrywers merk ons op dat daar 'n neiging is om die historiese opvatting prys te gee. Hulle meen dat hulle sodoende makliker Genesis 1 met die resultate van die natuurwetenskap kan versoen. Want as Genesis 1 slegs 'n visioen (gesig) of 'n inkleding is van feite, dan hoef 'n mens nie alles letterlik op te vat nie, dan is daar speelruimte vir wat die wetenskap ten beste gee.
>
> Hierdie standpunt is gevaarlik, want daardeur word al vantevore as vasstaande aangeneem dat daar stryd is tussen wat die Woord van God openbaar, en wat die natuurwetenskap leer — iets wat nog bewys moet word.

> Die enigste veilige uitgangspunt is dat ons aanneem dat daar géén tweestryd kan bestaan tussen die feite wat God in sy Woord openbaar, en die wat in die natuur waargeneem kan word nie. Dit is die selfde God wat enersyds spreek deur die boek van die Skriftuur en andersyds deur die boek van die natuur. En God kan, met eerbied gesê, Homself nie weerspreek nie.
>
> As daar teenstrydighede vir ons menslike verstand bestaan, dan is dit daaraan te wyte dat ons kennis nog in 'n toestand van ongereedheid verkeer. Dit kan wees dat ons die Skrif op sekere punte nie reg gelees en verklaar het nie, of dat ons verklaring van die Skrifgegewens nog onvolledig is. Maar dit kan ook wees (en dit lê meer voor die hand) dat ons die boek van die natuur verkeerd lees."

Die eintlike 'pseudowetenskap' is hulle wat iets probeer 'bewys' wat hul nie kan 'bewys' nie, maar met seker geloof-aannames veronderstel. Sodra operasionele wetenskap (dit wat toetsbaar is, waarneembaar is, herhaalbaar is, ens.) oorgaan na 'oorsprongswetenskap', dan is dit nie meer wetenskap in die ware sin nie, maar 'n geloof met bepaalde voorveronderstellings wat daarop uit is om dinge te verklaar.

[ns. sien die artikel: *Is evolution scientific*?, hier: http://creation.com/is-evolution-scientific]

Totius skryf verder (199):

> Daar is al so dikwels op gewys dat wat in die natuurwetenskap feite genoem word, dikwels geen feite is nie maar veranderlike teorieë van geleerdes. Dit is dan ook 'n haglike onderneming om die Skrif te wil versoen met die resultate van natuurondersoek wat nie absoluut vasstaan nie. Veral ten opsigte van die skepping geld hierdie oorweging. By die skepping was geen mens teenwoordig nie. As hy op die toneel verskyn, dan is alles afgeloop. Hy is dus, om beeldspraak te gebruik, soos 'n man wat in die teater kom as die toneelstuk al klaar is. Uit die oorblyfsels wat hy dan nog op die toneel vind, moet hy opmaak wat werklik plaasgevind het! Hoe min weet ons dan van die eerste begin van die skeppingsdinge af ! Voordat ons dus van feite gaan spreek, moet ons die sogenoemde feite eers waar maak. Bygevolg staan die gelowige op 'n heeltemal sekure standpunt as hy sê: Moenie somaar dadelik van teenstrydighede spreek nie; bewys my eers duidelik en bondig dat hulle inderdaad bestaan."

En, om nou plek te maak vir oorsprongwetenskap (ateistiese *of* teistiese evolusionisme), moet die Bybel aangepas word, alles onder die dekmantel van die (verdraaide of misbruikte) slagspreuk: "die Bybel is nie 'n wetenskaplike handboek nie."

Dat die geloofsbelydenis van die histories-letterlike benadering 'onhoudbare probleme' en aanstoot gaan veroorsaak, nie net buite nie maar veral binne die sigbare kerk (tot binne in die predikant se studeerkamer en die professor se kantoor), is natuurlik ou nuus (2 Tim.4:3,4). Ons lees reeds in die eerste eeu dat God se Woord aanstoot gee vir die valslike sogenaamde wetenskaplike kennis:

> 1 Kor. 1:18-24 [18] Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God; [19] want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak. [20] Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie? [21] Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red; [22] want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, [23] maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; [24] maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.

En, as iemand meen, maar dit gaan in hierdie verse net oor die 'evangelie', dan moet jy herinnner word daarin dat sonder die 'histories letterlike' verstaan van Genesis 1-3, die evangelie van Christus geen sin maak nie (Rom.5).

Daarom is dit heel ironies as Vorster skryf (en daarmee besig is om die tak waarop hy nog wil sit, af te saag):

"Derdens het natuurwetenskaplike uitvindings klassieke histories-letterlike verklarings van Genesis 1-3 as agtergehaal bewys. Hernude besinning oor die boodskap van Genesis 1-3 is daarom nodig."

As ek die nuutste (evolusionêre) natuurwetenskaplike en liberaal-teologiese 'uitvindings' lees (bv. Nuwe Hervorming-wetenskap), dan lyk dit vir my dat hul die volgende waarhede ook reeds as 'agtergehaal bewys' het:

> 1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (I1) die opstanding van die liggaam (12) en 'n ewige lewe.

Daar is geen moderne wetenskaplike bewys of verklaring dat iemand uit 'n maagd gebore kan word nie, dat iemand uit die dood opstaan, dat iemand na die hemel opvaar nie. Hoe kan dit dan nog waar wees en deur kerke bely word?
Is dit nie so dat baie 'moderne' lidmate vandag worstel met konsepte soos 'maagdelike geboorte' 'hemelvaart' 'hel', ens, soos verwoord in die AGB nie, en dit dus 'onhoudbare probleme' veroorsaak vir hul 'geloof' in 'n moderne tegnologiese wetenskaplike wêreld nie ?
Was die 'Christus saga' nie maar ook net die produk van 'n antieke griekse-romeinse wêreldbeeld van die 1ste eeu nie ? Moet ons die Evangelies nie ook net 'teologies-polemies' (dus simbolies) lees, i.p.v. histories-letterlik nie ?

Terwyl Vorster ons oproep om 'konsekwent' te wees, moet hy maar self ook konsekwent raak en sommer die historisiteit van die Evangelies ook begin verwerp. Hoekom kieskeurig wees met sekere moderne (evolusionistiese) wetenskaplike uitvindings, en ander uitvindings nie aanvaar nie ?

Soos Aalders tereg gevra het in sy lesing in die 20ste eeu (*De gechiedschrijving in het Oude Testament*):

*Kan 'n mens die godsdienstige en sedelike waarde van die Bybel handhaaf*
*en tog sy geskiedkundige inhoud prysgee ?*

Wat op die spel is, is skaamte, dat lidmate wat Christus én die wêreld wil dien, hul skaam vir die eenvoud van Ex.20:11 en/of Rom.10:13, en dan moet die skeppings- en verlossingleer aangepas word om by die mens se behoeftes en teorieë aan te pas:

> *Mark 8:38 Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.*

**Artikel 3**
Dr. Vorster beroep hom veral op Barth in sy artikel, ook om die skeppingsleer van Genesis 1 te verstaan. Dr. Dion Kempff het in sy (doktorale) proefskrif, *Die Skeppingsleer van Karl Barth (*gedoen onder leiding van Berkhouwer), Barth se skeppingsbeskouing as volg be-oordeel (sien veral hieronder die belangrike openbaringhistoriese lig wat Jesus se woorde in Matt.19:4/Mark.10:6 gee vir die historisiteit van Genesis 1-3, en veral ook dat daar nie 'tydperke' [miljoene jare] kon wees vanaf dag 1 tot dag 6 nie).

*Eerstens*, gee hy die volgende opsomming van Barth se beskouing (bl.109):

"Hierdie standpunt van Barth hang vir ons noodwendig saam met sy uitgangspunt wat ons in afdeling 1 (Skeppingsleer en sage) bespreek het. Dit wat die Bybel ons gee in Gen. 1 en 2, is (volgens Barth - slc) nie 'n historiese weergawe van werklike gebeurtenisse nie, en daarom nie waarheidsgetrou nie. Dit is die produk van die fantasie, wat van die omringende werklikheid uitgaan en selfstandig of verbeeldingsryk verder konstrueer. Tog is dit waarheid omdat die eenheid van skepping en verbond, dus Jesus Christus, daarin gegee word. Indien dit nou so is, dan spreek dit vanself dat ons alleen deur Jesus Christus van die skepping kan kennis dra. Dit spreek vanself om die volgende redes: Die skeppingsgeskiedenis is geen werklike geskiedenis nie, dog sage. Dit wil sê, dit is die produk van die fantasie wat wel van werklike toestande uitgaan, dog verder aan die fantasie die vrye teuels gee. Die menslike fantasie moet egter in hierdie geval uitgaan van die sondige werklikheid waarin dit verkeer."

*Tweedens*, is Kempff se kritiek daarop as volg, waarin hy ook daarop wys dat ons Genesis 'histories letterlik' moet verstaan:

"Ons meen dat die enigste uitweg hier gesoek kan word in die rigting deur Aalders aangedui. Hebr. 11: 3 sê: deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie. Daarin vind ons iets oor die skepping en oor die kennis van die skepping, wat natuurlik albei van God kom. Die feit dat hier sprake is van geloof, wys dat daar 'n openbaring oor die feit van die skepping plaasgevind het, want geloof veronderstel openbaring. Barth sou hiermee kan saamstem, veral waar Aalders daarop wys dat hier niks oor die wyse van die openbaring gesê word nie. Die oplossing van Barth bevredig ons nie.

Daarom glo ons dat dit beter in ooreenstemming met die Skrif en ook minder-gevaarlik is om 'n openbaring aan te neem wat in objektiewe vorm deur God gegee is. Daarmee wil ons nie te kenne gee dat die ,,menslike faktor" uitgeskakel is nie, rnaar wel dat die inspirasie van mense deur die Gees sodanig was dat ons in die skeppingsgeskiedenis beslis met die werklikeid en waarheid daaroor te doen het. Ons geloofssirkel het dus in elk geval nog êrens 'n objektiewe punt nl, die Skrif as die Woord van God.

Daarom hou ons vas aan die werklik historiese karakter van die skeppingsgeskiedenis soos in Gen. weergegee. Ons glo dat dit beslis in stryd met die waarheid en bedoeling van die Skrif is om hier van sage te praat (in voetnota hier sê dr. Kempff: "Ons glo egter dat reeds wanneer sprake is van *sage*, word die fondament van die teologie aangetas"). Dit lyk vir ons na 'n toegawe aan die kritiek op die Skrif, veral op die eerste hoofstukke van Genesis. ...

Ons moet nl. in die geloof weet of direk aanvaar dat ons hier met die skepping te doen het om vervolgens die waarheid en inhoud daarvan na te speur. Dit moet nie nog eers deur die mens uitgemaak word nie. Geen skeppingssage dus, maar skeppingsgeskiedenis.

Ons meen dat daar genoegsame skriftuurlike grond vir die opvatting beskikbaar is. Sonder om in te gaan op al die eksegetiese probleme in verband met Matth. 19: 4, glo ons tog dat dit ons 'n argument bied. Jesus haal hier met instemming Gen. 1: 26 letterlik aan: ,,Het julle nie gelees dat Hy wat (hulle) gemaak het, hulle **van die begin af** man en vrou gemaak het nie" (vs. 4) [beklemtoning bygevoeg. Mark.10:6 is nog duideliker: "... van die begin **van die skepping** af ..." - slc). Daarna volg nog 'n aanhaling uit Gen. 2 ,,en (Hy) het gesê: ,Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees (vs. 5) En dit is asof Jesus daarby sy eie kommentaar lewer: ,,Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie," (vs. 6)

Hieruit is vir ons duidelik:

(I) Jesus, wat ook waaragtig God is, sê dat God geskep het;

(II) God het ook man en vrou geskep, in 'n bepaalde verhouding en eenheid;

(III) hierdie waarheid is opgeteken en kan gelees word en moet ook aangeneem word;

(IV) wat Genesis ons beskrywe is dus geen produk van die fantasie nie, maar historiese gegewens.

Die rede waarom ons glo dat ons hier met werklike geskiedenis te doen het, berus vir ons daarin dat juis *Jesus* die woorde aanhaal. Daarmee verkry die verhaal van Genesis sy waarmerk. En juis omdat Jesus, die Seun van God of die Woord van God, dit doen, glo ons in die waarheid en werklikheid daarvan. Want Hy is tog die Woord van God waardeur alles geskep is, sodat as Hy instaan vir die betroubaarheid van die gegewens soos deur Gen, opgeteken, dan moet dit sonder twyfel ‘n weergawe van ‘n werklike gebeurtenis wees. Enige probleem oor die wyse van weergawe moet sy oplossing binne die kader van hierdie waarheid soek. Dan moet verder in ag geneem word dat die Gees wat ook by die skepping werksaam was, aan die Bybelskrywer(s) die waarheid geopenbaar het en nou ook in ons harte getuig vir die waarheid daarvan."

[Nota: vir meer oor Matt.19:4 en Mark.10:6 in verband met die skepping vs (teistiese) evolusie debat, sien die volgende artikel: "Jesus, evangelical scholars and the age of the earth", dr. Terry Mortenson, beskikbaar by: http://www.answersingenesis.org/articles/aid/v2/n1/jesus-and-the-age-of-earth of om te luister: http://www.sermonaudio.com/sermoninfo.asp?SID=82206161720 ]

Vorster skryf ook in sy artikel oor Gen.1:31 (oor dat alles 'baie goed' geskape is):

"Dit word soms verkeerdelik veronderstel dat die skepping in volmaakte harmonie geleef het tot en met die sondeval. Die stelling in Genesis 1 dat die skepping goed geskape is, word verkeerd verstaan as dat dit op volmaaktheid en perfeksie dui. In die konteks van Genesis 1 gaan dit egter daaroor dat elke ding gepas vir sy doel geskep is (vgl. Berkhof, 1986:176; Westermann, 1974:46; Anderson, 1984:13). Die begrip tob word in Genesis 1 in ’n estetiese sin gebruik, nie in ’n etiese sin nie (Anderson, 1984:15)."

Weereens volg Vorster vir Barth hier. Kempff beantwoord Barth se dwaling as volg (bl.130):

"Dit blyk baie duidelik i.v.m. Gen. 1 : 31— God het alles gesien wat Hy gemaak het, en dit was *baie goed*. Hierdie oordeel van God oor die geskape werklikheid mag nie abstrak besien word en geld ook nie vir die skepping assodanig nie (soos deur Barth verstaan - slc). In finale sin beteken dit dat dit in Jesus Christus goed is. Daarom geld dit nie vir ‘n sondelose paradystoestand nie, dog van ons eie chaotiese en sondige wéreld.

Weereens verbaas dit ons nie dat Barth juis die beskouing oor Gen. 1 : 31 daarop nahou nie. Dit kon verwag word en dit vloei vanself uit sy hele uitgangspunt voort. Ons moet nl. onthou dat ons in die skeppingsgeskiedenis met ‘n sage te doen het, waarvoor die fantasie op grond van beskikbare gegewens van die werklikheid, die stof gelewer het. Die sage sien dat alles om hom deur die sonde versteur en onnatuurlik is. Tog meen dit dat daar ‘n toestand van gaafheid aan die huidige toestand met sy lig- en skadukante moes voorafgegaan het. Daarom sê die sage ook dat God gesien het dat alles goed was.

Daarmee bedoel dit egter: alles is goed in Jesus Christus, omdat Hy alleen in die huidige wêreld goed is. Die goeie kan dus alleen in Hom veranker wees, deur Hom bestaan.

Barth het dit ook hier nodig en goed gevind om sake of verhoudings orn te keer. Soos by ons eksegetiese uiteensetting aangedui, glo ons dat dit die kennelike bedoeling van die Skrif is om in Gen. 1 uit te druk dat die skepping goed en gaaf was soos God dit daargestel het. Dit het die plan of bedoeling van God daarvoor uitgedruk. So is die Skrif dan ook deur bv. Calvyn en ander Hervormers gelees, **en die hele ortodokse visie getuig ook teen Barth**. Ons meen dat die rede waarvoor God dit laat opteken het, dus aan ons openbaar dat Hy te kenne wil gee dat sy werk goed en volmaak is. Deur die sonde en afval van die mens is dit nie meer so nie. Daarom moes Hy ook sy Seun stuur om dit weer goed te maak — cf, Joh. 3: 17 — Hy het gekom om die wêreld te red. Vroeër is in die teologie daaroor geredeneer of die Seun van God ook vlees sou geword het as daar geen sonde was nie. Nou skyn dit egter asof Barth die probleem heeltemal

> omgeswaai het, sodat die vraag nou in geding is: moet daar sonde wees omdat Jesus Christus vlees wou word?
>
> Ons moet op grond van die Skrif en in ooreenstemming met ons belydenis beslis vashou aan die historiese orde van sake, nl. oorspronklik goeie skepping, val, verlossing. ... Die probleem van sonde en verlossing is geweldig moeilik. Ons glo egter dat die oplossing nie te vind is waar Barth dit soek nie. Dit werp te veel nuwe probleme op en dit laat in elk geval nie die skepping en historiese orde tot hul reg kom nie."

Bavinck skryf ook oor Gen.1:31:

> "In Gen.1:1 valt het begin van het gansche scheppingwerk, en in Gen.1:31 wordt misschien nog van dat ganche scheppingswerk, en niet alleen van de aarde, gezegd, dat God al het werk zag, dat Hij gemaakt had, en ziet, het was zeer goed. In dit geval moet de opstand en de ongehoorzaamheid der engelen nog na den zesden scheppingsdag hebben plaats gehad." (*Magnalia Dei*, 1931: 204)

Vorster skryf in sy artikel oor die erfsonde:

> "Die begrip erfsonde is nie 'n uitdrukking wat in die Skrif voorkom nie, maar is 'n term wat die kerkvader Augustinus ontwikkel het om die radikale verdorwenheid van die menslike geslag aan te dui. Hy het die begrip *peccatum originale* gebruik om aan te toon dat die menslike geslag inbegrepe is in die oorspronklike sonde van Adam en daarom in 'n staat van skuld voor God staan.
> Dit is belangrik om daarop te let dat die kerk nie 'n geloof aan die erfsonde bely nie, maar aan die totale verdorwenheid van die mens. Erfsonde is bloot 'n menslike term wat binne die teologie gebruik word om die totale verdorwenheid van die mens uit te druk. Die leer oor die erfsonde is een van die mees kontroversiële dogmas in die gereformeerde teologie. Die groot kritiekpunt teen die leer van die erfsonde gaan oor die persoonlike verantwoordbaarheid van die mens. Dit word dikwels beskryf as 'n fatalistiese dogma wat menslike skuld toeskryf aan die sonde van 'n ander persoon, sonder dat die mens werklik inherent self skuldig is. Die kernvraag is: Is dit die bedoeling van hierdie dogma om 'n kousale verduideliking te gee vir die eksistensiële krisis van die mensdom deur die skuld daarvoor op iemand anders te plaas (vgl. Berkouwer, 1971:425)?"

Vorster het 'n probleem met die leer van die erfsonde, **omdat** hy 'n probleem het met die historisiteit van Gen.1-3. Sy artikel se terme en verduidelikings is dubbelsinnig en weersprekend, omdat sy teologie in die lyn is van die dialektiese teologie (ook genoem neo-ortodoksie) van Barth en Brunner. Vorster skryf:

> "Hoewel dele van Genesis 1-3 besonder beeldryk is en daarom sekerlik figuurlik verklaar moet word, spesifiek Genesis 3, het die verhale ook 'n historiese dimensie. Barth (1958:78-79) noem die skeppingsverhale "nie-historiese" geskiedenis. (Sy voetnoot 2: Barth (1958:81) verwerp die beskrywing van die skeppingsverhale as mites, maar beskryf die skeppingsverhale as 'n degeneratiewe vorm van mite. Die skeppingsverhale is volgens Barth 'n sage wat deur middel van legendes en anekdotes 'n intuïtiewe en poëtiese weergawe gee van 'n pre-historiese realiteit binne die grense van tyd en ruimte.). Nie-histories in die sin dat dit nie eksakte, konkrete, historiese gebeure weergee nie, maar tog 'n vorm van geskiedenis is, aangesien die historiese realiteite van God en die verbond van genade die kerntemas in die verhale is."

Barth (en Vorster) glo nie in die historisiteit van Gen.1-3 nie, maar in die historisiteit van sekere 'temas' of onderwerpe wat in daardie hoofstukke afspeel. Gen.1-3 gee vir ons nie die 'werklike gebeure' van die begin van alle dinge nie, maar net 'n poëties-polemiese weergawe van sekere belangrike teologiese temas.

K. Dijk skryf (*Korte Dogmatiek*, Kok, bl.187) oor die verskillende dwalinge en dwaalleraars wat die leer van die erfsonde verwerp of verdraai. Hy wys dan ook daarop:

"En de theologen van deze tijd bv. Barth en Brunner, die de historie van Genesis 3 hebben losgelaten en 'geen paradijs, noch eerste Adam aannemen', kunnen zeker aan de belijdenis der erfzonde niet blijven vasthouden."

JG Feenstra gee ons die volgende inligting aangaande Barth (*Leer en Lewe*):

- "*Prof. dr. Karl Barth.* ‘n Baie bekende Duits-Switserse teoloog van ons tyd. Hoewel hy voorgee om gereformeerd te wees, wyk sy beskouinge op ‘n hele aantal kardinale punte af van die gereformeerde leer."

- "Dr. *Karl Barth* noem die Bybel 'n getuienis van die besondere openbaring van God. Die Bybel self behoort dan nie tot hierdie openbaring nie, maar getuig daarvan. Die Bybel is self feilbaar en behoort tot ons geskiedenis en lê in die menslike en sondige vlak. Gods Woord daarenteen lê in die Goddelike vlak. Hieruit blyk dat die historiese kritiek ten opsigte van die Bybel vryspel het. Ons sê dat die Bybel Gods Woord *is.* Maar die dialektiese teoloë (Karl Barth en sy volgelinge) is van oordeel dat die Bybel alleen dán Gods Woord *word* wanneer God op 'n bepaalde oomblik, wanneer ons die lees of die prediking daarvan aanhoor, soos 'n bliksem inslaan en tot ons spreek. Dus: die Bybel *is nie Gods* Woord nie, maar *word* dit op dié moment wanneer God deur die getuienis tot ons spreek. Ons *het* dus nie Gods Woord nie, maar kan dit *kry.* Hierdie argument is lankal reeds gebesig deur die valse mistiek wat sig ook graag beroep op 'n besondere inspraak van God in ons siele.

Teen hierdie beskouinge moet ons die wapen van Christus gebruik wat telkens gesê het: *daar is geskrywe.* Dan het ons ten minste vaste grond onder ons voete - al die ander is onkontroleerbaar en loop uit op 'n hopelose subjektivisme. In art. 3 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis staan: "Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek, soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om dié rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike geskrifte."

Feenstra skryf oor Barth se 'dialektiese opvatting van die Skrif, wat ons dan ook laat verstaan waarom Vorster Gen.1-3 se historisiteit ontken:

***"Die dialektiese opvatting.*** Barth noem die Bybel die getuienis van die Openbaring en nie die openbaring self nie. Mense wat 'n "heeltemal ander wêreldbeeld" as ons gehad het en wat die onderskeid nie geken het tussen geskiedenis en sages nie, het in die Heilige Skrif aan ons daardie getuienis gegee. Hierdie getuies was wel besondere mense gewees, omdat hulle die eerste getuies was, maar hulle is nie so deur die Heilige Gees gedrywe dat hulle aan ons 'n onfeilbare getuienis geskenk het nie. Wel is die Skrif deur Gods Gees beheers, maar die uitsprake wat in die Bybel staan, is aanvegbaar. Barth wil niks weet van die gereformeerde opvatting wat die Bybel Gods Woord noem nie. Want, volgens hom, het die ortodoksie die openbaringsbegrip verwêreldlik en maak hulle van die Bybel 'n papierpous. Nee, die openbaringsgetuies het God ontmoet en gee dan self die geopenbaarde op 'n feilbare en gebrekkige wyse weer. Die Bybel is wel die oudste dokument wat die kerk besit, maar behoort tot die horisontale, menslike en sondige vlak."

Dus, Barth se Skrifbeskouing is direk *in stryd* met die artikels van ons geloof, spesifiek:
- artikel 3/5, waar ons bely die Bybel is die Woord van God,
- artikel 4, waar ons bely dat 'niks ingebring (kan) word' teen die Heilige Skrif nie.

Vorster meen dus dat Augustinus, Calvyn, Totius en ander geref teoloë, asook die gereformeerde belydenis se 'letterlik historiese' verstaan van Genesis en die belydenis van die leer van die erfsonde, moet vervang word deur die neo-ortodokse teologie van Barth en vriende:

> "Barth (1958:82) stel tereg dat die idee dat die Skrif alleen gesagvol kan wees indien dit histories-letterlik spreek, onhoudbaar is en deur die Christelike kerk laat vaar moet word."

Maar, as ons dit doen, is dit die einde van ons kerkwees, want Barth se teologie eindig in 'n vorm van deisme (nog duideliker: epistemologiese deisme). Ons weet 'dat' daar 'n God is, maar ons kan Hom nie waarlik ken in hierdie wêreld van tyd en ruimte nie, en as ons iets van Hom ken, dan is dit net die 'geestelike', die 'teologiese', die 'figuurlike'. Ons kan sy werke in die skepping nie werklik deur Openbaring ken nie. Dit eindig in Bultmann se ontmitologisering van Jesus van Nasaret, 'n jesus wat nie (histories-letterlik) uit die maagd gebore is nie, nie uit die dood opgestaan het, en nie opgevaar het na die hemel nie. Hoekom die eerste Adam laat vaar kan word, maar nie die tweede Adam nie, is nog 'n paradoks in Vorster se teologie wat nog onbeantwoord is.

Hierdie vorm van teologiese skeptisisme wat Vorster ons wil wys maak, kom dan juis tot uiting in die volgende stelling:

> "Die skeppingsverhale leer ons dat God alle dinge geskape het, nie hoe Hy alle dinge geskape het nie. Dit gee nie vir ons 'n eksakte, wetenskaplike en chronologiese beskrywing van skeppingsgebeure nie, maar lig eerder die groot momente uit. In kort: die Ou Testament bied nie 'n sistematiese teorie oor die oorsprong van die wêreld nie, maar vra geloof in God se skeppingsmag (Vischer, 2004:14). "

God kan skep, maar Hy kan nie vir ons sê 'hoe' en van die 'oorsprong' van die skepping nie. Vir die gelowige is dit egter duidelik: *deur* Sy Woord en Gees het Hy alles in die begin uit niks geskape (Gen.1; Ps.33:6-9; Joh.1:1-3).

Vorster besluit willekeurig om net sekere aspekte van die Teks te aanvaar (bv. Gen.1:1), maar nie 'n ander dele nie (Gen.1:2-31; Ex.20:11, ens.).

Daarteenoor skryf Bavinck, as volg:

> "De Schrift zegt ons niet alleen, *dat* God de wêreld door zijn wil uit het niet in het aanzijn riep, maar zij verhaalt ons ook iets van de *wijze*, waarop die schepping heeft plaats gehad." (Magnalia Dei, 1931:152)

Totius skryf ook oor die valse teenstelling van die 'dat' vs die 'hoe' (ibid, 200):

> "Maar aan die ander kant mag ons ook nie beweer dat Genesis 1 *net sê dat God geskep het*, sonder meer. Dat ons dus net met die een feit rekening hou en alle ander besonderhede in Genesis 1 vermeld, maar kan verwaarloos, om so aan die wetenskap vry spel te laat.
> Nee, Genesis 1 is, soos ons gesien het, geen menslike, swakke, verbygaande inkleding of beeldspraak aangaande één grondgedagte nie. Dit bevat, soos prof. Aalders opmerk, 'n *reeks van feite*, en daarmee, met die hele reeks, moet ernstig rekening gehou word. Daar was 'n vaste orde, daar was 'n reeks van skeppingsdade waarin alles geword het. Dit alles word ons meegedeel, nie om dit te verwaarloos en as ondienstig opsy te sit nie maar orn te deurvors en God in sy werk te ken vir sover dit vir ons rnoontlik is.
>
> Die bewering wat so dikwels gehoor word, dat Genesis 1 net sê dat God geskep het, sonder meer, moet dus ook afgewys word. Wie die gesag van die Woord van God erken, moet ook onvoorwaardelik aanneem die reeks feite wat God ons daarin aangaande die skepping meedeel."

Vorster se 'leer van die erfsonde' is ook vol van dubbelsinnigheid (en dus onduidelikheid). Dit lyk asof hy bloot wil vashou aan die erfsmet, maar 'n probleem het met die erfskuld. Daarom dat hy skryf:

"Onder erfsonde behoort alleen verstaan te word dat die mens sedert sy geboorte sedelik verdorwe is; nie dat sonde geneties-biologies oorgeërf word nie."

Vorster wil die historiese wortels van die sonde afsny (contra Rom.5:12).

In lyn met sy 'dat-maar-nie-hoe' teologie, meen hy die Bybel leer bloot dat mense verdorwe is, maar die historiese lyn moet nie ook 'fisies' terug getrek word na Adam en die paradys, na 'n spesifieke historiese gebeurtenis wat ons die 'sondeval' noem nie, daar moet net 'n geestelike-verbondslyn wees. Hierdie is 'n valse dualisme, want die gereformeerde geloof het nog altyd verstaan dat dit albei aspekte behels. Die sondeval se gevolge tref ons na gees én liggaam. Ons verbondenheid aan God is ons totale menswees.

Ironies genoeg, skryf Vorster: "Dit is belangrik om daarop te let dat die kerk nie 'n geloof aan die erfsonde bely nie, maar aan die totale verdorwenheid van die mens"

Behalwe dat 'totale verdorwenheid' juis ironies genoeg ook 'n bepaalde aspek is van 'erfsonde', nl. erfsmet, en Vorster dus die boom waarop hy nog wil sit, afsaag, bely ons kerke in elkgeval baie duidelik die leer van die erfsonde:

**Heidelbergse Kategismus, Sondag 3**

7. Vr. Waar kom dié verdorwe aard van die mens dan vandaan?

Antw. Van die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die paradys (a). **Daar** het ons natuur so verdorwe geraak, **dat** ons almal in sondes ontvang en gebore word (b).

10 Vr. Wil God dié ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antw. Nee, sekerlik nie; maar Hy vertoorn Hom verskriklik (a) **oor die aangebore sowel as die werklike sondes** en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf (b); soos Hy gesê het: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

**NGB Artikel 15 - Die Erfsonde**

Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en **'n oorgeërfde gebrek** waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sonde laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word. Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.

**DL hoofstuk 1:**

1. **Alle mense het in Adam gesondig** en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood. Daarom sou God niemand verontreg het as dit sy wil was om die hele menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Daarom leer die apostel:

die hele wêreld is voor God doemwaardig (Rom 3:19). Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom. 3:23) en: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23).

**DL hoofstuk 3/4**
2. Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar **deur die voortplanting van die verdorwe natuur**.

Dus, die erfsonde moet in verbondsterme én 'oorerflike' terme gesien word. Ons 'erf' die verdorwenheid en skuld verbondsmatig en biologies, van geslag tot geslag. Die sonde het ons nie net geestelik doodgemaak nie, maar ook liggaamlik (geestelike én fisiese dood).

Daarom moes Christus na gees én liggaam vir ons kom ly, Hy wat net soos ons was, maar sonder sonde. Om erfsonde net 'geestelik' te wil verstaan, is om ons 'enigste troos' in lewe en in sterwe, IN LIGGAAM en in siel weg te neem (HK Sondag 1).

Vorster verwerp blykbaar ook die 'toegerekende skuld' wat ons in Adam deel a.g.v. die sondeval (Rom.5:19) asook ons eie sondes (HK v/a 7 én 10), en dit blyk dat hy ook nie duidelik verstaan wat 'erfskuld' alles behels nie.

Ursinus se verduideliking van die erfsonde is baie beter en skriftuurliker.

Ursinus, opsteller van die Heidelbergse Kategismus, se verklaring van die erfsonde, by Sondag 3 en 4. Vr en Antw 7 en 10 is spesifiek van toepassing. Hy weerlê heelwat argumente wat teen die leer van die erfsonde opgewerp word. Hier is 'n gedeelte as opsomming:

> "Laat ons daarom, ter bestrijding van de Pelagianen, Wederdopers en anderen, aan deze vier bewijsredenen uit de Schrift vasthouden.
>
> 1. Dat het ganse menselijke geslacht schuldig is aan Gods eeuwige toom vanwege de ongehoorzaamheid der eerste voorouders, tenzij het dank zij de weldaad des Middelaars van deze schuld verlost wordt. Dit leert de Apostel in Rom. 5 : 12-17 vv.
>
> 2. Dat vanwege deze schuld in ons er ook een gemis is aan het goed, en dat er verkeerde genegenheden zijn, die tegen Gods Wet strijden, zodra wij geboren worden. Dit getuigt God Zelf, Gen. 6 : 5 en 8 : 21; en David in Ps. 51 : 7, en Paulus in Rom. 5 : 12vv., Ef. 2 : lvv.
>
> 3. Dat dit gemis en deze genegenheden zonden zijn, die Gods eeuwige toom verdienen. Dit is al eerder bewezen bij de beschrijving van de zonde.
>
> 4. Dat dit zonde-kwaad niet alleen door navolging aangetrokken, maar ook van de eerste voorouders over alle nakomelingen - met uitzondering van Christus! - uitgebreid wordt door de voortteling van de verdorven natuur. Dit wordt bewezen: Allereerst uit de getuigenissen der Schrift, Ef. 2 : 3: „Wij waren van nature kinderen des toorns, gelijk ook de anderen"; Rom. 5 : 16: „De schuld is uit éne misdaad tot verdoemenis", en vers 19: „Door de ongehoorzaamheid van dien énen mens zijn velen tot zondaars gesteld geworden"; Job 14 : 4: „Wie zal een reine geven uit den onreine?" Ps. 51 : 7: „Zie, ik ben in ongerechtigheid geboren"; Joh. 3 : 5v.: „Zo iemand niet geboren wordt uit water en Geest, hij kan in het Koninkrijk Gods niet ingaan"

<u>**Konklusie**</u>: Die hele Skrif, en in die woorde van prof. Dion Kempff hierbo, "die hele ortodoksie" getuig teen Barth (en prof. Nico Vorster) se teologie aangaande die Skrif, skepping en erfsonde.

## BRONNE OM TE RAADPLEEG AANGAANDE DIE SKEPPING VS EVOLUSIE DEBAT

[Let wel: meeste boeke wat hieronder vermeld word, se detail besonderhede kan by google.com opgesoek word. Om die boeke in SA te kry, kontak Augustine Bookroom: http://www.augustine.co.za/contact.php of CMI: http://creation.com/ ]

**Oorsigtelik/Inleidend**

- HD Mouton, Skepping en Evolusie - Onversoenbaar ! (sien ook sy nuwe boek: Verken Lewenswetenskappe verder - 'n kritiese evaluering van evolusie)
- Totius, *Versamelde Werke*, deel 1. Tafelberg, 1977, bl.41-80 (Skrifkritiek), en, veral: 189-234 (skeppingsdae en hoe ons Gen.1-3 moet verstaan)

**Verklaring**

- G.Ch Aalders, De Goddelijke Openbaring in de eerste drie hoofstukken van Genesis
- WH Gispen, Schepping en Paradijs: Verklaring van Genesis 1-3 (tegniese kommentaar)
- DF Kelly, Creation and Change: Genesis 1.1-2.4 in the light of changing scientific paradigms
- JA Pipa & DW Hall (ed), Did God create in 6 days?
- KL Gentry & MR Butler, Yea Hath God Said ? - The Framework Hypothesis vs Six Day Creation Debate
- T Mortenson & TH Ury (ed.), Coming to Grips with Genesis – Biblical Authority and the Age of the Earth
- PF Taylor, The Six Days of Genesis – A Scientific Approach of Chapters 1-11
- Mark vander Hart, Genesis 1-11

**Filosofie/Apologetiek**

- John Byl, God and Cosmos - A Christian View of Time, Space and the Universe
- John Byl, The Divine Challenge - On Matter, Mind, Math and Meaning
- DD Crowe, Creation without Compromise – A Christian Worldview response to evolutionary challenges to the faith
- J Lisle, The Ultimate Proof of Creation – Resolving the Origins Debate
- T. Mortenson, The Great Turning Point – the Church's Catastrophic Mistake on Geology, before Darwin.
- Cornelius Hunter, a. "Darwin's God, Evolution and the Problem of Evil,"(2001) b. Darwin's Proof, The triumph of religion over Science; c. "Science's Blind Spot: The Unseen Religion of Scientific Naturalism"

**Webtuistes**

1. The faculty of Greenville Presbyterian Seminary: http://www.gpts.edu/resources/resource_creation.html
2. Dr Greg L. Bahnsen: http://www.cmfnow.com/articles/pt183.htm
3. Reformed Church of United States: http://www.rcus.org:80/main/pub_days_of_creation.asp
4. Skeppingsleer webtuistes: http://www.rae.org/revevlnk.html
5. http://www.refdag.nl/dossier/3059/Darwinjaar.html (gesprek oor skepping vs evolusie in Nederland)
6. http://scheppingofevolutie.nl/
7. "What the Faculty of Mid-America Reformed Seminary Teaches Regarding the Days of Creation" http://www.midamerica.edu/about/docstandards.htm

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther